



Inhoud

- 59** Verklaring van verantwoordelikheid deur die direksie
- 59** Verklaring deur die maatskappysekretaris
- 60** Verslag van die onafhanklike ouditeur
- 61** Direkteursverslag aan aandeelhouders
- 64** Gekonsolideerde balansstate
- 65** Gekonsolideerde inkomstestate
- 66** Gekonsolideerde state van veranderinge in aandeelhouersekwiteit
- 68** Gekonsolideerde kontantvloeistate
- 69** Aantekeninge by die gekonsolideerde finansiële jaarstate
- 151** Maatskappy-balansstate
- 151** Maatskappy-inkomstestate
- 152** Maatskappy-state van veranderinge in aandeelhouersekwiteit
- 152** Maatskappy-kontantvloeistate
- 153** Aantekeninge by die maatskappy- finansiële jaarstate

▣ VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE DIREKSIE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2008


Die finansiële jaarstate van die groep en die maatskappy is die verantwoordelikheid van die direkteure van Naspers Beperk. In die nakoming van hierdie verantwoordelikheid steun hulle op die bestuur van die groep om die finansiële jaarstate op bladsye 61 tot 160 in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet voor te berei. As sodanig sluit die finansiële jaarstate bedrae in wat op beoordelings berus, asook ramings wat deur bestuur gemaak is. Die inligting word volledig en op 'n verantwoordelike wyse weergegee.

Die direkteure aanvaar verantwoordelikheid vir die voorbereiding, integriteit en die billike aanbieding van die finansiële jaarstate, en oordeel dat die stelsels en interne finansiële beheermaatreëls wat deur bestuur ingestel is, doeltreffend is.

Op grond van ramings en beskikbare kontantbronne het die direkteure geen rede om te glo dat die maatskappy en die groep binne die afsienbare toekoms nie 'n lopende saak sal wees nie. Die lewensvatbaarheid van die groep en die maatskappy word deur die finansiële jaarstate ondersteun.

Die finansiële jaarstate is deur die onafhanklike ouditeursfirma, PricewaterhouseCoopers Ing., geouditeer, aan wie onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitende notules van alle vergaderings van aandeelhouers, die direksie en komitees van die direksie, verleen is. Die direkteure is van mening dat alle bestuursverklarings wat tydens die audit aan die onafhanklike ouditeure gerig is, geldig en toepaslik was. PricewaterhouseCoopers Ing. se auditverslag verskyn op bladsy 60.

Die finansiële jaarstate is op 20 Junie 2008 deur die direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:




T Vosloo
Voorsitter

S J Z Pacak
Uitvoerende direkteur

▣ VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ek, George Meiring Coetzee, maatskappysekretaris van Naspers Beperk, sertifiseer dat die maatskappy vir die jaar onder bespreking alle opgawes wat van 'n publieke maatskappy vereis word, by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat sodanige verslae, na die beste van my kennis en wete, waar, korrek en bygewerk is.



G M Coetzee
Maatskappysekretaris

20 Junie 2008

Ons het die finansiële jaarstate en groep- finansiële jaarstate van Naspers Beperk geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die direkteursverslag, die balansstaat en gekonsolideerde balansstaat soos op 31 Maart 2008, die inkomstestaat en gekonsolideerde inkomstestaat, die staat van verandering in ekwiteit en gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit, en die kontantvloeistaat en gekonsolideerde kontantvloeistaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge, soos uiteengesit op bladsye 61 tot 160.

DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE FINANSIËLE STATE

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig 'Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde' ("IFRS"), en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID


Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons audit ooreenkomstig 'Internasionale Ouditstandaarde' ("ISA") uitgevoer. Daardie standaard vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om auditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word, hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde auditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering in van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die direkteure gemaak is, asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied.

MENING

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van die maatskappy en van die groep soos op 31 Maart 2008, en van hulle finansiële prestasie en hulle kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig 'Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde' ("IFRS") en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.



PricewaterhouseCoopers Ing.

Direkteur: Brendan Deegan

Geregistreerde ouditeur

Kaapstad, Suid-Afrika

20 Junie 2008

Die direkteure bied hul jaarverslag aan, wat deel vorm van die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2008.

AARD VAN SAKEBEDRYWIGHEDE

Naspers Beperk is in 1915 ingevolge die wette van die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer. Die hoofbedrywighede van Naspers en sy bedryfsfiliale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye (gesamentlik "die groep") is in die bedryf van betaaltelevisie-, internet- en kitsboodskap-intekenaarplatforms, e-handelplatforms en die verskaffing van verbandhoudende tegnologieë en die publikasie, verspreiding en druk van tydskrifte, koerante en boeke. Hierdie aktiwiteite word hoofsaaklik in Suid-Afrika, Afrika suid van die Sahara, Griekeland, Ciprus, Brasilië, Rusland, China, Indië, Europa en die Verenigde State van Amerika bedryf.

BEDRYFSOORSIG

Die groep het die afgelope jaar groei getoon, veral in die internetsektor. Die kernbedrywighede het goed gevaar en die ontwikkeling van verskeie sakegeleenthede het gevorder. Die groep se omset het met 19% tot R20,5 miljard gegroei, grootliks danksy die bydrae van die betaaltelevisie- en internetondernemings.

'n Aantal nuwe beleggings is gedurende die jaar gemaak. Die belangrikste hiervan was:

- die Tradus plc. e-handelonderneming in Europa vir 'n totale koopsom van R15,3 miljard
- 40%-belang in M-Net/SuperSport, waarvan die koopsom bestaan uit 21,6 miljoen Naspers N- gewone aandele en R250 miljoen kontant
- 'n 97%-belang in Gadu-Gadu S.A., die voorste kitsboodskapplatform in Pole, vir 'n kontantkoopsom van R1,1 miljard, en
- 100% van Cloakware Inc., 'n maatskappy wat programmatuur-sekureiteitsoplossings bied, verkry teen 'n kontantkoopsom van R505 miljoen.

Die groep het 'n netto kontantuitvloeï van R17,3 miljard aangegaan om al hierdie beleggings te befonds. 'n Driejaar-wentelkredietfasiliteit van VS\$1,4 miljard is verkry om die koop van Tradus plc. te befonds. Die balansstaat bly gesond, met 'n hefboomfinansieringsverhouding van 11%, transpondeerder-bruikhuurooreenkomste uitgesluit.

Die groep het ook beduidende beleggings gemaak om nuwe tegnologieë en sakegeleenthede te ontwikkel. Hierdie ontwikkelinge fokus grootliks op breëband, die internet en mobiele televisie. Die totale ontwikkelingskoste van R1,1 miljard was laer as verwag as gevolg van die stadiger ontplooiing van mobiele televisie-dienste, wat afhanklik is van die uitreiking van handelslisensies deur regulatoriese owerhede.

Vooruitskouend fokus ons groeistrategie steeds op drie aspekte: organiese groei in bestaande ondernemings, die ontwikkeling van nuwe geleenthede en die identifisering van aantreklike beleggings. Geografies bly ons fokus op ontlukende markte, aangesien hierdie ekonomieë nog steeds goeie groeigeleenthede bied. Die groep het die afgelope twee jaar beduidende beleggings aangegaan, wat verder ontwikkel sal word. Ons strewende is steeds om oor die medium en lang termyn waarde vir ons aandeelhouers te bied.

Finansiële prestasie in die tydperk wat voorlê, sal beïnvloed word deur die tydstip waarop regulatoriese goedkeuring vir inisiatiewe soos mobiele televisie en die ontwikkeling van internetgeleenthede verkry word. Sulke dienste het met hul bekendstelling tipies aanvanklik 'n negatiewe uitwerking op beide verdienste en kontantvloeï, voordat hulle 'n bydrae begin lewer. In die betaaltelevisie-segment sal mededinging na verwagting ook toeneem.

In Suid-Afrika verwag ons dat die verlangsame in verbruikersbesteding sal voortduur. Dit sal 'n demper op advertensie- en sirkulasie-inkomste plaas. In die verlede het betaaltelevisie egter nie skerp op die ekonomiese siklus gereageer nie. Die makro-ekonomiese toestande in ons ander hoofmarkte behoort in die komende jaar lewendig te bly.

FINANSIËLE OORSIG

Die groep het omsetgroei van 19% tot R20,5 miljard (2007: R17,2 miljard) getoon. Die uitblikker was die internetsegment, met groei van 42%. Die betaaltelevisie-segment het met 22% gestyg, grootliks te danke aan die groei in die intekenaarbasis. Bedryfswins voor amortisasie en ander winste/verliese het met 15% tot R4,2 miljard gestyg (2007: R3,7 miljard).

Netto finansieringsinkomste vir die tydperk het R1,0 miljard bedra in vergelyking met die netto finansieringskoste van R338 miljoen in die vorige jaar. Dit sluit rente-inkomste in wat op netto kontantdeposito's van R602 miljoen verdien is. Aangesien die kapitaal wat in Maart 2007 verkry is eers in die tweede helfte van die huidige boekjaar ontplooi is, sal rente-inkomste in die komende jaar laer wees.

Die groep het in die laaste tyd groot minderheidsbelange in ondernemings in ontlukende markte soos China, Brasilië en Rusland verkry. Tencent, Abril en Mail.ru het almal verblydende groei getoon, soos blyk uit die groei in ons deel van verdienste uit ekwiteitsverantwoorde geassosieerde maatskappye, met 93% tot R654 miljoen.

Die waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings hou merendeels verband met ons belegging in Beijing Media Corporation Limited en Titan Media. Hoewel ons positief is oor die vooruitsigte van hierdie beleggings, glo ons dat dit wys is om 'n waardedaling aan te teken.

Die beëindigde bedrywighede hou verband met die privateonderwys-onderneming wat verkoop is. Dit het ook betrekking op die betaaltelevisiebedrywighede in Griekeland en Ciprus, waar verkoopopreënkomste aangegaan is wat hopelik later vanjaar afgehandel sal word.

Die netto uitwerking van bogenoemde is dat wesensverdiens te vir die tydperk met 49% tot R3,8 miljard gestyg het.

'n Segmentele ontleding wat die omset en resultate van die individuele sake-segmente weerspieël, verskyn in aantekening 36 van die gekonsolideerde finansiële jaarstate.

AANDELEKAPITAAL

Die gemagtigde aandelekapitaal op 31 Maart 2008 bestaan uit:

- 1 250 000 A- gewone aandele van R20 elk, en
- 500 000 000 N- gewone aandele van 2 sent elk.

Naspers het geen nuwe A- gewone aandele gedurende die 2008- finansiële jaar uitgereik nie. Die groep het gedurende die jaar 21,6 miljoen nuwe N- gewone aandele uitgereik om die verkryging van 40% van M-Net/SuperSport gedeeltelik te befonds. Die groep het 12,0 miljoen N- gewone aandele aan die Naspers Aandele-aansparingstrust uitgereik, asook 281 000 N- gewone aandele aan die MIHH Aandele-aansparingstrust en 2,7 miljoen N- gewone aandele aan die MIH (BVI) Aandele-aansparingstrust.

Die uitgereikte aandelekapitaal op 31 Maart 2008 was soos volg:

712 131 A- gewone aandele van R20 elk	R14 242 620
403 309 411 N- gewone aandele van 2 sent elk	R8 066 188

EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Die groep se belegging in eiendom, aanleg en toerusting het op 31 Maart 2008 R4,5 miljard bedra vergeleke met R4,1 miljard in die vorige jaar. Besonderhede word in aantekening 4 van die gekonsolideerde finansiële jaarstate weergegee.

Kapitaalverpligtinge op 31 Maart 2008 het R642 miljoen beloop (2007: R887 miljoen). Verdere kapitaalbesteding ten bedrae van R782 miljoen is deur die direksies van die onderskeie groepmaatskappye goedgekeur, maar daarvoor was nog nie teen 31 Maart 2008 gekontrakteer nie.

DIVIDENDE

Die direksie beveel aan dat 'n dividend van 180 sent per N- gewone aandeel (2007: 156 sent) en 36 sent per A- gewone aandeel (2007: 31 sent) verklaar word.

GROEP

Naspers Beperk is nie 'n filiaal van enige ander maatskappy nie. Die naam, land van inkorporasie en effektiewe finansiële persentasiebelang van die beheermaatskappy in elk van die Naspers-groep se hoof filiale word in aantekening 7 by die gekonsolideerde finansiële jaarstate weergegee. Alle filiale, wesenlike geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings het dieselfde jaareinde as die beheermaatskappy, met die uitsondering van Tencent Holdings Limited, Abril S.A. en Port.ru Inc., wat 'n 31 Desember jaareinde het. Die beheermaatskappy se belang in die totale bedrag van wins na belasting wat deur filiale verdien is, is R3,0 miljard (2007: R1,8 miljard) en die belang in die totale verliese na belasting van filiale bedra Rnul (2007: Rnul).

Besonderhede van die groep se wesenlike verkrygings en vervreemdings gedurende die jaar word in aantekening 3 by die gekonsolideerde finansiële jaarstate weergegee.

DIREKTEURE, SEKRETARIS EN OUDITEUR

Die name van die direkteure en hul besonderhede verskyn op bladsye 52 en 53 van hierdie verslag en die naam, posadres en sake-adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 55 van hierdie verslag. Besonderhede met betrekking tot die direkteure se aandeelhoudings in die uitgereikte aandeelkapitaal van die maatskappy word in aantekening 13 by die gekonsolideerde finansiële jaarstate geopenbaar.

PricewaterhouseCoopers Ing. sal ingevolge artikel 270(2) van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet van 1973 as ouditeur aanbly.


LENINGS

Die maatskappy se statute plaas geen beperking op die leningsbevoegdheid van die maatskappy nie.

GEBEURTENISSE NÁ BALANSSTAATDATUM

Die groep het op 2 Junie 2008 aangekondig dat 'n proses begin is om die internet-diensverskaffer, MWEB, te verkoop.

Onderteken namens die direksie:



T Vosloo

Voorsitter

20 Junie 2008

S J Z Pacak

Uitvoerende direkteur

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTATE

op 31 Maart 2008 en 31 Maart 2007

	Aantekeninge	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates		41 822 107	16 015 189
Eiendom, aanleg en toerusting	4	4 540 574	4 088 749
Klandisiewaarde	5	20 766 565	904 351
Ander ontasbare bates	6	3 416 253	646 675
Beleggings in geassosieerde maatskappye	7	9 038 011	6 274 611
Beleggings en lenings	7	3 469 350	3 388 620
Program- en rolprentregte	8	—	204 002
Afgeleide finansiële instrumente	37	125 385	2 017
Uitgestelde belasting	9	465 969	506 164
Bedryfsbates		14 970 365	16 169 052
Voorraad	10	696 451	720 174
Program- en rolprentregte	8	750 958	714 481
Handelsdebiteure	11	2 229 936	1 977 387
Ander debiteure	12	1 271 114	828 161
Geassosieerdeparty-debiteure	13	110 284	20 200
Beleggings en lenings	7	2 000	2 000
Afgeleide finansiële instrumente	37	307 092	61 502
Kontant en deposito's	35	7 572 764	11 845 147
Nie-bedryfsbates beskikbaar vir verkoop	27	2 029 766	—
TOTALE BATES		56 792 472	32 184 241
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE			
Kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die aandeelhouders van die groep		31 909 588	21 143 709
Aandelekapitaal en -premie	14	15 356 487	12 784 384
Ander reserwes	15	7 274 407	1 894 117
Behoue verdienste	16	9 278 694	6 465 208
Minderheidsbelang		1 237 724	426 848
TOTALE EKWITEIT		33 147 312	21 570 557
Nie-bedryfslaste		13 052 703	3 085 544
Na-aftrede mediese verpligting	17	141 788	194 971
Langtermynverpligtinge	18	11 800 270	2 385 894
Kontantvereffenbare aandeelgebaseerde vergoedingsverpligting	39	114 413	120 239
Voorsienings	19	7 989	5 355
Afgeleide finansiële instrumente	37	8 009	264 047
Uitgestelde belasting	9	980 234	115 038
Bedryfslaste		10 592 457	7 528 140
Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge	18	1 313 756	1 253 313
Voorsienings	19	81 811	59 096
Na-aftrede mediese verpligting	17	34 397	304
Handelskrediteure		1 801 218	1 583 564
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	20	4 230 786	3 769 326
Bedrae verskuldig aan geassosieerde partye	13	11 897	107 816
Belasting betaalbaar		354 337	381 201
Dividende betaalbaar		10 251	9 102
Afgeleide finansiële instrumente	37	213 697	379
Bankoortrekkings en opvraagbare lenings	35	882 891	364 039
Nie-bedryfslaste beskikbaar vir verkoop	27	1 657 416	—
TOTALE EKWITEIT EN VERPLIGTINGE		56 792 472	32 184 241

Die meegaande aantekeninge is 'n integrale deel van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate.

▣ GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTATE

vir die jare geëindig 31 Maart 2008 en 31 Maart 2007

	Aantekeninge	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
Omset	22	20 518 408	17 218 713
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	23	(10 778 067)	(9 164 138)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	23	(5 877 318)	(4 531 211)
Ander netto winste/(verliese)	24	14 549	(107 957)
Bedryfswins		3 877 572	3 415 407
Rente ontvang	25	1 162 338	329 512
Rente betaal	25	(323 626)	(219 377)
Ander netto finansieringsinkomste/(uitgawes)	25	166 371	(447 680)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	7	654 373	338 628
Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings	7	(278 667)	(175 648)
Wins met verkoop van beleggings		16 037	3 421
Wins voor belasting		5 274 398	3 244 263
Belasting	26	(1 377 823)	(1 185 026)
Wins na belasting		3 896 575	2 059 237
Wins uit eindigende bedrywighede	27	243 232	131 587
Verlies met beëindiging van bedrywighede	27	(82 352)	–
Netto wins vir die jaar		4 057 455	2 190 824
Toeskryfbaar aan:			
Aandelhouders van die groep		3 418 064	1 998 877
Minderheidsbelang		639 391	191 947
		4 057 455	2 190 824
Voortgesette en eindigende bedrywighede			
Verdiens te per N- gewone aandeel (sent)			
Basies	28	967	676
Ten volle verwater	28	944	649
Wesensverdiens te per N- gewone aandeel (sent)			
Basies	28	1 076	866
Ten volle verwater	28	1 051	832
Dividend betaal per A- gewone aandeel (sent)		31	24
Dividend betaal per N- gewone aandeel (sent)		156	120
Voorgestelde dividend per A- gewone aandeel (sent)		36	31
Voorgestelde dividend per N- gewone aandeel (sent)		180	156

Die meegaande aantekeninge is 'n integrale deel van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate.

█ GEKONSOLIDEERDE STATE VAN VERANDERINGE IN AANDEELHOUSERSEKWITEIT

vir die jare geëindig 31 Maart 2008 en 31 Maart 2007

	Aandelekapitaal en -premie		Buitelandse valuta-om- rekenings- reserwe R'000
	A-aandele R'000	N-aandele R'000	
Saldo 1 April 2006	14 243	5 547 077	(14 634)
Beweging in aandelekapitaal	–	7 432 601	–
Beweging in tesourie-aandele	–	(209 537)	–
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	–	–	–
Buitelandse valuta-omrekeningsverskille	–	–	1 222 514
Transaksies met minderheidsaandelehouers en opeenvolgende verkrygings	–	–	–
Kontantvloeskans	–	–	–
– Bruto billikewaarde-aanpassings	–	–	–
– Belastinggedeelte van billikewaarde-aanpassings	–	–	–
– Bruto realisasie na bate	–	–	–
– Belastinggedeelte van realisasie na bate	–	–	–
Netto wins vir die jaar	–	–	–
Dividende	–	–	–
Ander minderheidsbelangbewegings	–	–	–
Saldo op 31 Maart 2007	14 243	12 770 141	1 207 880
Saldo 1 April 2007	14 243	12 770 141	1 207 880
Beweging in aandelekapitaal	–	2 159 951	–
Beweging in tesourie-aandele	–	(2 180 048)	–
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	–	–	–
Buitelandse valuta-omrekeningsverskille	–	–	3 512 897
Kontantvloeskans	–	–	–
– Bruto billikewaarde-aanpassings	–	–	–
– Belastinggedeelte van billikewaarde-aanpassings	–	–	–
– Bruto realisasie na bate	–	–	–
– Belastinggedeelte van realisasie na bate	–	–	–
– Bruto gedeelte van bedrag in inkomstestaats erken	–	–	–
– Belastinggedeelte van bedrag in inkomstestaats erken	–	–	–
Transaksies met minderheidsaandelehouers en opeenvolgende verkrygings	–	–	–
Verkryging van M-Net en SuperSport	–	2 592 200	–
– Belastinggedeelte van herwaardasie	–	–	–
Netto wins vir die jaar	–	–	–
Dividende	–	–	–
Oordrag van ander reserwes na behoue verdienste	–	–	–
Saldo op 31 Maart 2008	14 243	15 342 244	4 720 777

Die meegaande aantekeninge is 'n integrale deel van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Verskansings- reserwe R'000	Billikewaarde- reserwe R'000	Bestaande- beheer- besigheid- samevoegings- reserwe R'000	Aandeel- gebaseerde vergoedings- reserwe R'000	Behoue verdiens- te R'000	Minderheids- belang R'000	Totaal R'000
(20 193)	173	(3 500 675)	191 182	4 815 430	171 547	7 204 150
–	–	–	–	–	–	7 432 601
–	–	–	–	–	–	(209 537)
–	–	–	146 426	–	–	146 426
–	–	–	–	–	9 337	1 231 851
–	–	3 845 895	–	–	129 438	3 975 333
23 429	–	–	–	–	390	23 819
23 453	–	–	–	–	300	23 753
(6 800)	–	–	–	–	(87)	(6 887)
9 079	–	–	–	–	245	9 324
(2 303)	–	–	–	–	(68)	(2 371)
–	–	–	–	1 998 877	191 947	2 190 824
–	–	–	–	(349 099)	(103 288)	(452 387)
–	–	–	–	–	27 477	27 477
3 236	173	345 220	337 608	6 465 208	426 848	21 570 557
3 236	173	345 220	337 608	6 465 208	426 848	21 570 557
–	–	–	–	–	–	2 159 951
–	–	–	–	–	–	(2 180 048)
–	–	–	143 965	–	11 074	155 039
–	–	–	–	–	16 049	3 528 946
185 426	–	–	–	–	32 317	217 743
266 953	–	–	–	–	44 751	311 704
(76 344)	–	–	–	–	(11 416)	(87 760)
(13 245)	–	–	–	–	(937)	(14 182)
3 773	–	–	–	–	248	4 021
6 037	–	–	–	–	(463)	5 574
(1 748)	–	–	–	–	134	(1 614)
–	–	(313 194)	–	–	326 257	13 063
–	2 074 930	(61 936)	–	–	69 532	4 674 726
–	(226 205)	–	–	–	–	(226 205)
–	–	–	–	3 418 064	639 391	4 057 455
–	–	–	–	(543 520)	(283 744)	(827 264)
–	–	64 407	–	(61 058)	–	3 349
188 662	1 848 898	34 497	481 573	9 278 694	1 237 724	33 147 312

█ GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEIESTATE

vir die jare geëindig 31 Maart 2008 en 31 Maart 2007

	Aantekeninge	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontantvloei uit bedrywighede	29	5 403 369	4 745 345
Beleggingsinkomste ontvang		889	3 682
Dividende ontvang van ekwiteitsverantwoorde maatskappye		70 689	46 755
Kontant gegeneer uit bedryfsaktiwiteite			
Finansieringsinkomste ontvang		891 591	311 450
Finansieringskoste betaal		(401 619)	(352 559)
Belasting betaal		(1 554 165)	(1 232 093)
<i>Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite</i>		4 410 754	3 522 580
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Eiendom, aanleg en toerusting aangekoop		(1 113 445)	(866 733)
Opbrengs met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		40 089	66 010
Ontasbare bates aangekoop		(157 670)	(91 142)
Opbrengs met verkoop van ontasbare bates		400	2 347
Verkryging van filiale	30	(16 669 959)	(274 029)
Verkoop van filiale	31	97 719	10 211
Verkryging van gesamentlike ondernemings	32	(3 628)	(138 152)
Addisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	33	60 678	–
Verkoop van gedeeltelike belang in filiale	34	–	732 151
Addisionele belegging in bestaande filiale		(105 606)	(612 975)
Netto belegging gemaak in geassosieerde maatskappye		(508 651)	(4 251 668)
Netto kontantbewegings in ander beleggings en lenings		28 606	29 831
<i>Netto kontant aangewend in beleggingsaktiwiteite</i>		(18 331 467)	(5 394 149)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Opbrengs uit langtermynlenings aangegaan		10 385 682	873 004
Terugbetalings van langtermynlenings		(390 520)	(828 551)
Terugbetalings van gekapitaliseerde bruihuurverpligtinge		(369 795)	(306 623)
Aankoop van aandele vir aandeelgebaseerde betalings		(174 427)	(287 973)
Opbrengs met aandeeluitgifte		96 321	7 396 568
Bydraes deur minderheidsaandeelhouers		–	2 699
Voorkeurdividende ontvang		135 014	–
Dividende betaal deur filiale		(282 896)	(94 282)
Dividende betaal deur beheermaatskappye		(543 540)	(349 088)
Ander		–	1 342
<i>Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite</i>		8 855 839	6 407 096
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente		(5 064 874)	4 535 527
Valuta-omrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente		908 149	534 816
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar		11 481 108	6 410 765
Kontant en kontantekwivalente as beskikbaar vir verkoop geklassifiseer	27	(634 510)	–
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar	35	6 689 873	11 481 108

Die meegaande aantekeninge is 'n integrale deel van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

1. AARD VAN BEDRYGWIGHEDE

Naspers Beperk is in 1915 ingevolge die wette van die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer. Die hoofbedrywighede van Naspers en sy bedryfsfiliale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye (gesamentlik "die groep") is die bedryf van betaaltelevisie-, internet- en kitsboodskap-intekenaarplatforms, e-handelplatforms en die verskaffing van verbandhoudende tegnologie en die publikasie, verspreiding en druk van tydskrifte, koerante en boeke. Hierdie aktiwiteite word hoofsaaklik in Suid-Afrika, Afrika suid van die Sahara, Griekeland, Ciprus, Brasilië, Rusland, China, Europa en die Verenigde State van Amerika bedryf.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID

Die vernaamste rekenkundige beleid wat met die voorbereiding van die gekonsolideerde finansiële state toegepas is, word hieronder uiteengesit. Hierdie beleid is konsekwent toegepas vir al die tydperke aangebied, tensy anders aangedui.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die groep word aangebied in ooreenstemming met, en voldoen aan die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS") en die Internasionale Finansiële Rapporterings- en Interpretasieskomitee ("IFRIC") se interpretasies wat uitgereik en van krag is ten tyde van die voorbereiding van die finansiële state. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word volgens die historiesekoste-grondslag opgestel, aangepas vir herwaardasie van beleggings beskikbaar vir verkoop en finansiële bates en laste (insluitende afgeleide finansiële instrumente), herwaardeer teen billike waarde met veranderinge in die inkomtestaat.

Die voorbereiding van die gekonsolideerde finansiële jaarstate vereis dat bestuur ramings en aannames maak oor toekomstige gebeurtenisse wat die gerapporteerde bedrae van bates en laste, die openbaarmaking van voorwaardelike bates en aanspreeklikhede op die verslagdoeningsdatum en die gerapporteerde bedrae van inkomste en uitgawes gedurende die tydperk beïnvloed. Toekomstige gebeurtenisse en hul invloed kan nie met absolute sekerheid bepaal word nie. Alhoewel die bepaling van ramings gegrond is op bestuur se beste oordeel en kennis van huidige feite soos op die balansstaatdatum, kan die werklike resultate uiteindelik van die ramings verskil. Verwys na individuele aantekeninge vir meer inligting oor kritieke ramings, aannames en waar oordeel gebruik is.

(a) Basis van konsolidasie

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die resultate van Naspers Beperk en sy filiale, geassosieerde, gesamentlike ondernemings en verwante aandeel-aansporingstruists in.

Filiale

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate weerspieël die resultate van Naspers Beperk en al sy filiale. Filiaalmaatskappye is daardie maatskappye waarin die groep, direk of indirek, 'n belang van meer as die helfte van die stemregte het, of waar die groep andersins beheer oor hul bedrywighede kan uitoefen. Die bestaan en uitwerking van potensieël stemregte wat tans uitoefenbaar of omskepbaar sonder beperkings is, word in ag geneem by die bepaling of die groep 'n entiteit beheer. Filiale word gekonsolideer vanaf die datum waarop die groep effektiewe beheer verkry en konsolidasie word gestaak op die datum waarop effektiewe beheer eindig. Dienooreenkomstig word die resultate van 'n filiaal wat gedurende die jaar verkoop is, slegs tot en met die datum van verkoop in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit. Vir sekere entiteite het die groep kontraktuele ooreenkomste aangegaan (soos genomineerde verhoudings en in-trust-gehoude ooreenkomste) wat die groep toelaat om, tesame met sy direkte belang in die ondernemings, beheer uit te oefen oor die meerderheid stemregte of beheer oor die bedrywighede van die onderneming. Angesien die groep hierdie ondernemings op dié manier beheer, word hulle hanteer as filiale en gekonsolideer in die finansiële jaarstate.

Alle intergroeptransaksies en -saldo's word op konsolidasie geëlimineer. Minderheidsaandeelhouers se belange in die gekonsolideerde ekwiteit en resultate van die groep word afsonderlik in onderskeidelik die gekonsolideerde balansstaat en inkomtestaat getoon. Indien verliese toeskryfbaar aan minderheidsaandeelhouers in 'n gekonsolideerde filiaal hul belang in daardie filiaal oorskry, word die oorskryding sowel as enige verdere verliese aan hulle toeskryfbaar, slegs erken tot die mate waartoe die minderheidsaandeelhouers 'n bindende onderneming het en in staat is om tot die verliese by te dra. Waar die groep voorheen nie die minderheidsaandeelhouers se belang in verliese erken het nie en die filiaal daarna winsgewend raak, erken die groep al die winste totdat die minderheidsaandeelhouers se deel van verliese, wat voorheen deur die groep geabsorbeer is, verhaal is.

Die aankoop van filiale word ooreenkomstig die verkrygingsmetode verantwoord. Die koste van 'n verkryging van 'n filiaal word gemeet as die billike waarde van enige bates oorgedra, ekwiteitsinstrumente uitgereik en aanspreeklikhede aangegaan of moontlik aangegaan op die datum van verkryging, plus enige koste direk toeskryfbaar aan die verkryging. Die billike waarde van ekwiteitsinstrumente wat uitgereik word as deel van die verkryging, word op die gepubliseerde prys op die aankoopdatum, gegrond. Identifiseerbare bates en laste en voorwaardelike aanspreeklikhede word aanvanklik teen die billike waarde op die datum van verkryging gemeet, ongeag die mate van die minderheidsbelang. Die bedrag waarmee die aankoopprys van die filiaal die billike waarde van die groep se aandeel in die netto bates verkry oorskry, word as klandisiewaarde erken. Indien die koste van verkryging minder is as die billike waarde van die netto bates van die filiaal verkry, word die verskil direk in die inkomtestaat erken.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(a) Basis van konsolidasie (vervolg)

Filiale (vervolg)

Die groep pas die ekonomiese entiteitsmodel toe om transaksies met minderheidsaandeelhouers te verantwoord. In terme van die model word minderheidsaandeelhouers gesien as ekwiteitsdeelnemers van die groep en word alle transaksies met minderhede verantwoord as ekwiteitstransaksies en ingesluit in die staat van veranderinge in ekwiteit. Met die verkryging van 'n belang vanaf minderheidsaandeelhouers, word die oorskot van die koste van die transaksie bo die verkryger se proporsionele aandeel in die identifiseerbare netto batewaarde verkry, toegewys aan 'n aparte komponent van ekwiteit. Verwatering van winste en verliese verwant aan noll-filiale word op dieselfde wyse verantwoord in die staat van veranderinge in ekwiteit ingevolge die ekonomiese entiteitsmodel.

Besigheidsamevoegings waarin al die gekombineerde entiteite of bedrywighede deur dieselfde party of partye beide voor en ná die besigheidsamevoeging beheer word (en daardie beheer is nie tydelik nie), word gesien as gemeenskaplike beheertransaksies. Die rekeningkundige beleid van die verkryger sal wees om die transaksie teen boekwaardes in sy gekonsolideerde finansiële state te verantwoord. Die boekwaardes van die verkrygte entiteit is die gekonsolideerde boekwaardes soos weerspieël in die verkoper se gekonsolideerde finansiële state.

Die oorskot van die koste van die transaksie bo die verkryger se proporsionele aandeel in die netto batewaarde verkry, word toegewys aan 'n reserwe in ekwiteit wat die bestaande beheer-besigheidsamevoegingsreserwe genoem word. In gevalle waar vergelykende syfers aangebied word, word die finansiële state en finansiële inligting nie hersaamgestel nie.

Waar nodig is die rekeningkundige beleid van filiale verander om aan die groepsbeleid te voldoen.

Geassosieerde maatskappye

Beleggings in geassosieerde maatskappye word volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Geassosieerde maatskappye is maatskappye waarin die groep normaalweg tussen 20% en 50% van die stemreg het of waaroor die groep 'n beduidende invloed kan uitoefen, maar nie beheer het nie.

Ekwiteitsverantwoording behels die erkenning van die groep se belang in die geassosieerde maatskappye se ná-verkrygingsresultate ná belasting en minderheidsbelang. Die groep se belang in ná-verkrygingbewegings in reserwes word erken in die reserwes van die groep. Die groep se belang in die geassosieerde maatskappye word in die balansstaat gedra teen kosprys, aangepas vir die groep se belang in die verandering van netto bates ná verkryging, en insluitende klandisiewaarde en ander identifiseerbare ontasbare bates wat met opeenvolgende verkrygings erken word. Indien die groep se deel van verliese die drawaarde van sy belegging oorskry, word die drawaarde van die belegging verminder tot nul en geen verdere verliese word erken nie, behalwe as die groep verpligtige teenoor die geassosieerde opgeloopte die geassosieerde maatskappye word in die inkomstestaat te boek gestel. Die groep se rekeningkundige beleid ten opsigte van geassosieerde maatskappye met Desember finansiële jaareindes is deur 'n drie maande lange naloopperiode in die verslagdoening van hul resultate te aanvaar. Enige wesenlike transaksies wat tussen Desember en die groep se Maart jaareinde plaasgevind het word wel in berekening geneem.

Gesamentlike ondernemings

Die groep se belang in gesamentlike ondernemings word volgens die ewerdigekonsolidasie-metode verantwoord. Die groep kombineer sy belang in die gesamentlike onderneming se individuele inkomste en uitgawes, bates en laste en kontantvloeï op 'n lyn-vir-lyn-grondslag met soortgelyke items in die groep se finansiële state. Die groep erken die gedeelte van winste en verliese met die verkoop van bates deur die groep aan die gesamentlike onderneming wat toekryfbaar is aan die ander ondernemers. Die groep erken nie sy belang in winste of verliese van die gesamentlike onderneming, wat spruit uit die aankoop van bates deur die groep vanaf die gesamentlike onderneming, totdat die groep die bates aan 'n onafhanklike derde party verkoop het nie. Indien die verlies op 'n transaksie egter bewys lewer van 'n vermindering in die netto realiseerbare waarde van 'n bedryfsbate of van 'n waardedalingverlies, word sodanige verlies onmiddellik erken.

(b) Beleggings

Die groep klassifiseer sy beleggings in skuld- en ekwiteitsinstrumente in die volgende kategorieë: teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies, tot-verval-gehoue, beskikbaar-vir-verkoop en lenings en debiteure. Die klassifikasie is afhanklik van die doel waarvoor die beleggings bekom is. Bestuur bepaal die klassifikasie van die groep se beleggings met aankoop en hereweue sodanige klassifikasie op 'n jaarlikse grondslag. Teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies-bates word verder verdeel in twee sub-kategorieë: finansiële bates gehou-vir-verhandeling en bates wat as teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies geklassifiseer word met verkryging. 'n Finansiële bate word in die kategorie geklassifiseer as dit hoofsaaklik verkry word met die doel om dit op kort termyn te verkoop, of as dit deel vorm van 'n portefeulje van finansiële bates waarvoor daar bewyse bestaan van korttermynwinste, of, indien dit aan die vereistes voldoen, dit as sulks deur bestuur geklassifiseer word. Vir die doel van hierdie finansiële state word kort termyn gedefinieer as 'n tydperk van drie maande of korter. Die groep hou nie finansiële bates vir verhandeling nie, daarom word finansiële bates wat gehou word teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies, as sulks geklassifiseer by aanvanklike erkenning. Afgeleide instrumente word geklassifiseer as gehou vir verhandeling, behalwe as hulle geklassifiseer word as verskansingsinstrumente.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(b) Beleggings (vervolg)

Beleggings met 'n vaste vervaldatum waar bestuur die bedoeling en vermoë het om dit tot en met die vervaldatum te hou, word geklassifiseer as tot-verval-gehoue beleggings en word by nie-bedryfsbates ingesluit. Waar die vervaldatum binne 12 maande van die balansstaatdatum is, word dit as bedryfsbates geklassifiseer. Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalde betalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer is nie, anders as dié wat die groep bedoel om op kort termyn te verkoop, of wat geklassifiseer is as teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies, of beskikbaar-vir-verkoop. Alle ander beleggings, insluitende beleggings wat vir 'n onbepaalde tydperk gehou word en wat verkoop mag word weens likiditeitsvereistes, veranderinge in billike waarde of rentekoersveranderinge, word geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop en sulke instrumente word ingesluit in nie-bedryfsbates, tensy bestuur die uitdruklike voorneme het om die belegging vir minder as 12 maande te hou vanaf die balansstaatdatum of omdat die belegging verkoop moet word om bedryfskapitaal te verkry, dan word die belegging onder bedryfsbates getoon.

Aankope en verkope van beleggings word erken op die verhandelingsdatum, wat die datum is waarop die groep hom verbind om die bate te koop of te verkoop. Beleggings word aanvanklik erken teen billike waarde en die verkrygingskoste sluit transaksiekostes in, behalwe vir beleggings teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies. Beschikbaar-vir-verkoop en teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies-beleggings word na aanvanklike erkenning gedra teen billike waarde. Tot-verval-gehoue beleggings en lenings en debiteure word gedra teen geamortiseerde koste met gebruik van die effektiewerentekoers-metode. Gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese wat ontstaan uit die verandering in billike waarde van teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies-beleggings word in die inkomstestaat erken in die tydperk waarin dit ontstaan. Ongerealiseerde winste en verliese wat ontstaan uit die verandering in billike waarde van beskikbaar-vir-verkoop-beleggings word in ekwiteit erken.

Die billike waardes van beleggings word gegrond op gekwoteerde aanbodpryse of bedrae bereken volgens kontantvloeiomodelle. Billike waardes van ongenoteerde ekwiteitsinstrumente word bereken volgens toepaslike prys/verdiens- of prys/kontantvloei-verhoudings wat aangepas word vir die spesifieke omstandighede van die maatskappy wat waardeer word. Ekwiteitsinstrumente waarvan die billike waardes nie betroubaar gemeet kan word nie, word erken teen koste minus enige waardedaling. As beleggings wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer is, verkoop word of 'n waardedaling ondergaan, word die kumulatiewe billikewaarde-aansuiwering ingesluit in die inkomstestaat as "winste(verliese) met verkoop van beleggings". Beleggings word onderken wanneer die regte om kontantvloeit uit die belegging te ontvang verval het, of wanneer dit oorgedra word na 'n ander party tesame met grotendeels al die risiko's en voordele van eienaarskap.

(c) Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting word getoon teen kosprys, wat insluit verkrygingskoste en enige koste om die bates gereed te kry vir beoogde gebruik, min opgeloope waardevermindering en waardedalingsverliese. Verkrygingskoste sluit in enige winste of verliese oorgedra vanaf ekwiteit met betrekking tot kwalifiserende kontantvloei-skansse op aankope gedenomineer in buitelandse valuta. Waardevermindering op eiendom, aanleg en toerusting, met die uitsondering van grond, word afgeskryf in gelyke jaarlikse paaiemente oor die bate se verwagte ekonomiese nutsduur. Daar word geen waardevermindering op grond afgeskryf nie aangesien dit geag word om 'n onbeperkte nutsduur te hê. Afskrywingstydperke mag verskil na gelang van die omstandighede van die verskillende bedrywighede, maar is onderhewig aan die volgende reeks tydperke:

Geboue	5 – 50 jaar
Vervaardigingstoerusting	3 – 25 jaar
Kantoortoerusting	1 – 20 jaar
Kantoormeubels	1 – 20 jaar
Rekenaartoerusting	1 – 10 jaar
Voertuie	2 – 10 jaar
Transmissie-toerusting	3 – 20 jaar

Beduidende huurverbeteringe word afgeskryf oor die kortste van dié huurtermyn en die verwagte ekonomiese nutsduur.

Leenkoste direk toeskryfbaar aan die verkryging, oprigting of produksie van kwalifiserende bates word nie gekapitaliseer as deel van die koste van die bates nie. Alle leenkoste word in die inkomstestaat ingevolge die maatstafmetode erken gedurende die tydperk waarin dit aangegaan is.

Kostes aangegaan ná aanvanklike erkenning, word ingesluit in die bate se drawaarde of as 'n aparte bate erken slegs indien dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele van die bate na die groep sal vloei en indien die koste betroubaar gemeet kan word. Herstelwerk en instandhoudingskoste word erken in die inkomstestaat gedurende die tydperk waarin dit aangegaan is. Die koste van grootskaalse herstelwerk word ingesluit in die drabedrag van die bate wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele na die groep sal vloei en die koste betroubaar gemeet kan word. Grootskaalse herstelwerk word afgeskryf oor die oorblywende ekonomiese nutsduur van die betrokke bate.

Eiendom, aanleg en toerusting se drawaardes word van tyd tot tyd hersien om te bepaal of die verhaalbare bedrag steeds die drawaarde oorskry. Indien nie, word die drawaarde verminder en 'n ooreenstemmende bedrag as 'n uitgawe in die inkomstestaat erken.

Bates se reswaardes en ekonomiese nutsduur word jaarliks op elke balansstaatdatum hersien en word aangepas indien nodig. Winste en verliese met verkoop van bates word bepaal deur die vergoeding met die bates se drawaardes te vergelyk.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(d) Gehuurde bates

Die huur van eiendom, aanleg en toerusting, uitgesluit grond, word as bruikhuur geklassifiseer, indien, in wese, alle risiko's en voordele verbonde aan eienaarskap vanaf die verhuurder na die groep, as huurder, oorgedra word. Bruikhuurbates word gekapitaliseer teen die laagste van die billike waarde van die huurbate en die beraamde huidige waarde van die onderliggende minimum huurpaaielemente. Die verwante huurverpligting word teen die beraamde huidige waarde van die minimum huurpaaielemente erken. Bankkoerse is gebruik om die huidige waardes van minimum huurpaaielemente te bereken. Gekapitaliseerde bruikhuurbates word afgeskryf oor hul verwagte nutsduur, maar word beperk tot die termyn van die huurkontrak. Die rente-uitgawe en kapitaalkomponent van bruikhuurbetalings word volgens die effektiewerentekoers-metode verdeel. Die ooreenstemmende huurverpligtinge, uitgesluit finansieringskoste, word ingesluit onder lang- of korttermynverpligtinge. Die rente-uitgawe-komponent van die finansieringskoste word in die inkomstestaat erken oor die huurdyperk.

Huur word as bedryfshuur geklassifiseer indien in wese alle risiko's en voordele verbonde aan eienaarskap deur die derdeparty-verhuurder behou word. Bedryfshuurkoste (netto van enige aansporings ontvang van die verhuurder) word op 'n reguitlyn-grondslag oor die termyn van die huur in die inkomstestaat erken.

(e) Klandisiewaarde en ander ontasbare bates

Klandisiewaarde verteenwoordig die bedrag waarmee die kosprys van 'n verkryging die billike waarde van die groep se belang in die identifiseerbare netto bates van die aangekoopte filiaal, geassosieerde maatskappy of gesamentlike onderneming oorskry op die datum van verkryging. Klandisiewaarde met die verkryging van filiale en gesamentlike ondernemings word ingesluit in "klandisiewaarde" op die balansstaat. Klandisiewaarde met die verkryging van geassosieerde maatskappye word ingesluit in "beleggings in geassosieerde maatskappye". Klandisiewaarde word jaarliks getoets vir waardedaling en word getoon teen kosprys minus opgehoopde waardedaling. Waardedalingsverliese word nie teruggeskryf nie. Winsten en verliese met die verkoop van 'n entiteit sluit die drabedrag in van klandisiewaarde wat verband hou met die entiteit wat verkoop word.

Klandisiewaarde word aan kontantgenererende eenhede toegewys vir doeleindes van waardedaling-toetsing. Waardedaling word bepaal deur die verhaalbare bedrag van 'n kontantgenererende eenheid waarmee klandisiewaarde verband hou, te beoordeel. As die verhaalbare bedrag van die kontantgenererende eenheid minder as die drabedrag is, word 'n waardedalingsverlies erken. Patente, handelsname, handelsmerke, titelregte, konsessieregte, programmatuur en ander soortgelyke ontasbare bates word gekapitaliseer teen kosprys. Ontasbare bates met onbepaalde nutsdure word nie geamortiseer nie, maar word jaarliks getoets vir waardedaling en word getoon teen kosprys minus opgehoopde waardedaling. Ontasbare bates met beperkte nutsdure word geamortiseer volgens die reguitlyn-metode oor hul verwagte nutsdure. Die drawaarde van elke ontasbare bate word jaarliks hersien en aangepas vir waardedaling indien die drawaarde die verhaalbare bedrag oorskry. Die nutsdure en reswaardes van ontasbare bates word op 'n jaarlikse basis heroorweeg.

Die amortisasietydperke vir ontasbare bates met beperkte nutsdure wissel afhange van die toestande in die betrokke bedrywighede, maar is beperk tot die volgende maksimum tydperke:

Patente	5 jaar
Titelregte	12 jaar
Handelsname en handelsmerke	20 jaar
Programmatuur	11 jaar
Intellektuele-eiendomsregte	20 jaar
Intekenaarbasis	11 jaar
Konsessieregte	3 jaar

Geen waarde word toegereken nie aan handelsmerke of soortgelyke regte en bates wat intern gegenerer is. Koste aangegaan ten opsigte van hierdie items word in die inkomstestaat as 'n uitgawe erken, in die tydperk waarin dit aangegaan word.

Die billike waardes van ontasbare bates met beperkte of onbepaalde nutsdure kan herwaardeer word as gevolg van verskille wat met die waardasieproses tydens besighedsamevoegings, ontstaan. Hierdie herwaardasies ontstaan in besighedsamevoegings wat stapsgewys voltooi word, en met die aanvanklike erkenning van die verkrygde se bates, laste en voorwaardelike aanspreeklikhede deur die verkryger. Hierdie beleid impliseer nie dat die groep se gekose rekeningkundige beleid is om hierdie items ná die aanvanklike erkenning te herwaardeer nie.

(f) Program- en rolprentregte

Aangekoopte program- en rolprentregte word getoon teen verkrygingskoste minus opgehoopde amortisasie. Die groep het sekere program- en rolprentregte aanspreeklikhede wat geklassifiseer is as finansiële laste ingevolge IAS 39, wat vereis dat finansiële laste gemeet word teen geamortiseerde koste deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak. Sekere program- en rolprentregte-aanspreeklikhede het langtermyn-vereffeningsdatums, daarom word hierdie aanspreeklikhede as nie-bedryfslaste erken en word dit verdiskonteer krachtens IAS 39. Lisensies word erken as bates en laste vir regte verkry en verpligtinge aangegaan ingevolge lisensie-ooreenkomste wanneer die lisensie tydperk begin en die koste van elke program bekend is of betroubaar gemeet kan word.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(f) Program- en rolprentregte (vervolg)

Sportregte word afgeskryf met die aanvanklike uitsending van die geleentheid, terwyl algemene vermaak en rolprente afgeskryf word óf op 'n reguitlynbasis oor die duur van die lisensie óf gegrond op die hoeveelheid uitsendings waar die totale aantal vertonings beperk is. Die amortisasie van program- en rolprentregte word in "koste vir lewering van dienste en verkoop van goedere" ingesluit. Die koste van selfvervaardigde programme word afgeskryf soos dit aangegaan word.

(g) Waardedaling

Finansiële bates

Die groep evalueer op 'n jaarlikse basis of daar enige onafhanklike bewyse bestaan wat daarop dui dat enige belegging of groep beleggings se waarde gedaal het. Indien enige bewyse van waardedaling bestaan, word die volgende beginsels deur die entiteit toegepas vir elke soort finansiële bate om die waardedalingsverlies te bepaal:

Finansiële bates gedra teen gemortiseerde koste

Indien enige objektiewe bewyse van waardedaling bestaan vir lenings en debiteure, of tot-verval-gehoue-beleggings wat gedra word teen gemortiseerde koste, word die bedrag van die waardedalingsverlies gemeet as die verskil tussen die bate se drabedrag en die huidige waarde van enige toekomstige kontantvloei (uitgesluit enige kredietverliese wat nog nie plaasgevind het nie), verdiskonter teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers (berekend tydens die aanvanklike erkenning van die finansiële bate). Die drabedrag van die bate word verminder en die waardedalingsverlies word direk in die inkomstestaat erken.

'n Waardedalingsverlies van 'n bate wat in vorige jare erken is, word teruggeskryf indien die ramings wat gebruik is om die verhaalbare bedrag te bepaal, verander het sedert die laaste waardedalingsverlies erken is. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word beperk tot die bedrag waarteen die finansiële bate teen gemortiseerde koste gedra sou word, indien geen waardedaling in vorige jare erken is nie. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word in die inkomstestaat erken in dieselfde lynitem as die oorspronklike waardedalingsverlies.

Besikbaar-vir-verkoop-finansiële bates

Wanneer 'n afname in die billike waarde van 'n besikbaar-vir-verkoop-finansiële bate direk in ekwiteit erken is en daar is objektiewe bewyse wat daarop dui dat 'n waardedaling plaasgevind het, moet die kumulatiewe verlies wat voorheen in ekwiteit erken is, uit ekwiteit gehaal en direk in die inkomstestaat erken word, al is die bate nog nie van die hand gesit of verkoop nie.

Waardedalingsverliese wat in die inkomstestaat erken is vir beleggings in ekwiteitsinstrumente wat geklassifiseer is as besikbaar-vir-verkoop, kan nie weer teruggeskryf word deur die inkomstestaat nie.

As die billike waarde van 'n skuldinstrument, wat geklassifiseer is as besikbaar-vir-verkoop, toeneem en die toename hou verband met toestande wat heers ná die aanvanklike erkenning van die waardedalingsverlies deur die inkomstestaat, moet die terugskrywing van die aanvanklike waardedalingsverlies in die inkomstestaat erken word.

Langtermynbates

Die groep evalueer die drawaardes van bates met beperkte nutsdure op 'n jaarlikse basis en bepaal of daar enige gebeurtenisse of omstandighede bestaan wat daarop dui dat die drawaardes dalk nie verhaalbaar is nie. Aanduiders wat kan lei tot 'n evaluasie vir waardedaling sluit in, maar is nie beperk nie, tot: beduidende onderprestasie relatief tot verwagtinge gegrond op historiese resultate of geprojekteerde toekomstige resultate; beduidende veranderinge in die gebruik van die bates of die groep se oorhoofse sakestrategie; beduidende negatiewe tendense in die nywerheid of ekonomie; en 'n beduidende volgehoue daling in 'n belegging se aandeelprys of markkapitalisasie relatief tot sy netto batewaarde. Bates met onbepaalde nutsdure is nie onderworpe aan amortisasie nie en word jaarliks vir waardedaling getoets.

'n Waardedalingsverlies word in die inkomstestaat erken indien 'n bate se drabedrag sy verhaalbare bedrag oorskry. Die bate se verhaalbare bedrag is die hoogste van die bedrag verkrygbaar uit die verkoop van die bate in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte bereidwillige partye, of sy gebruikswaarde. Gebruikswaarde is die huidige waarde van geraamde toekomstige kontantvloei wat na verwagting uit voortgesette gebruik van die bate en uit sy vervreemding aan die einde van sy nutsduur verdien sal word. Die verwagte toekomstige kontantvloei word verdiskonter na hul huidige waarde deur van 'n voorbelaste verdiskonteringskoers gebruik te maak, wat huidige markaannames ten opsigte van die tydwaarde van geld en die risiko's verbonde aan die bate reflekteer. Ten einde waardedalingsbeoordelings te kan doen, word bates gegroepeer op die laagste moontlike vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei bestaan.

'n Waardedalingsverlies van 'n bate wat in vorige jare erken is, word teruggeskryf indien die ramings wat gebruik is om die verhaalbare bedrag te bepaal, verander het sedert die laaste waardedalingsverlies erken is en die verhaalbare bedrag nou die drabedrag oorskry. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word beperk tot die bedrag waarteen die bate gedra sou word (netto van waardevermindering of amortisasie) indien geen waardedaling in vorige jare erken is nie. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word in die inkomstestaat erken in dieselfde lynitem as die oorspronklike waardedalingsverlies.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(h) Ontwikkelingsbedrywighede

Navorsings- en ontwikkelingskoste

Navorsingskoste word as 'n uitgawe erken soos dit aangegaan word. Koste aangegaan tydens ontwikkeling (wat verband hou met die ontwerp en toetsing van nuwe of verbeterde produkte) word erken as 'n ontasbare bate wanneer dit waarskynlik is dat die projek winsgewend sal wees en as die kommersiële en tegniese uitvoerbaarheid en die koste daarvan betroubaar gemeet kan word. Ander ontwikkelingskoste wat nie aan hierdie kriteria voldoen nie, word as uitgawes in die inkomstestaat erken soos die kostes aangegaan word. Ontwikkelingskoste wat voorheen erken is as uitgawes word nie in 'n latere stadium as 'n bate erken nie. Gekapitaliseerde ontwikkelingskoste word erken as ontasbare bates en word geamortiseer op 'n reguitlyn-grondslag oor die ekonomiese nutsduur vanaf die oomblik wat dit gereed is vir gebruik. Die amortisasie-periode word beperk tot die tydperk in aantekening (e). Ontwikkelingskoste wat as ontasbare bates erken is, word jaarliks getoets vir waardedaling en die waardedalingsverlies word erken in die inkomstestaat wanneer die bate se drabedrag sy verhaalbare bedrag oorskry. 'n Waardedalingsverlies wat in vorige jare erken is, word teruggeskryf indien die ramings wat gebruik is om die verhaalbare bedrag te bepaal, verander het sedert die laaste waardedalingsverlies erken is en die verhaalbare bedrag nou die drabedrag oorskry. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word beperk tot die bedrag waarteen die bate gedra sou word (netto van waardevermindering of amortisasie) indien geen waardedaling in vorige jare erken is nie. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word in die inkomstestaat erken in dieselfde lynitem as die oorspronklike waardedalingsverlies.

Programmatuur- en werfwerk-ontwikkelingskoste

Koste wat direk verband hou met die produksie van identifiseerbare en unieke programmatuur, wat beheer word deur die groep en wat waarskynlik toekomstige ekonomiese voordele sal genereer en wat die koste vir meer as een jaar oorskry, word erken as ontasbare bates. Direkte kostes sluit die ontwikkelingspan se werknemerskoste in, asook 'n toepaslike gedeelte van oorhoofse kostes aangegaan. Alle ander kostes aangegaan, wat verband hou met die ontwikkeling en instandhouding van programmatuur, word erken as uitgawes in die inkomstestaat soos dit aangegaan word.

Werbwerk-ontwikkelingskoste word gekapitaliseer as ontasbare bates indien dit waarskynlik is dat dit in die toekoms sal voldoen aan die erkenningsmaatstawwe vir die kapitalisasie van bates, anders word dit teen bedryfswins verreken soos dit aangegaan word.

(i) Voorraad

Voorraad word waardeer teen kosprys of netto realiseerbare waarde, wat ook al die laagste is. Voorraad se kosprys word in die algemeen bereken op die eerste-in-eerste-uit-metode of die geweegegemiddelde-metode. Die oorgrote meerderheid van voorraad word gewaardeer op die eerste-in-eerste-uit-metode, maar vir sekere voorraadsoorte wat van 'n spesifieke aard is en waarvan die gebruik aansienlik verskil van ander klasse voorraad, word die geweegegemiddelde-metode gebruik. Klaarprodukte en onvoltooide werk sluit grondstof, direkte arbeid, 'n toepaslike gedeelte van bokoste en ander direkte koste in, maar sluit rente-uitgawes uit. Die koste van voorraad sluit die oordrag vanuit ekwiteit in van enige wins of verlies op kwalifiserende kontantvloei-verskansingsinstrumente wat op voorraadaankope betrekking het. Netto realiseerbare waarde verwys na die verwagte verkoopprijs minus enige voltooiingskoste en verkoopskoste. Voorsienings word gemaak vir verouderde, onbruikbare en onverkoopbare voorraad en vir latente skade wat eers aan die lig kom wanneer voorraad gebruik of te koop aangebied word.

(j) Handelsdebiteure

Handelsdebiteure word erken teen billike waarde op die datum van aanvanklike erkenning en daarna teen geamortiseerde koste minus enige voorsiening vir waardedaling. 'n Voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure word geskep indien onafhanklike bewyse bestaan dat die groep nie alle bedrae verskuldig sal kan invorder volgens die oorspronklike voorwaardes wat die debiteure geniet nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag.

(k) Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word op die balansstaat teen koste gedra. Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande, onmiddellik opvraagbare deposito's by banke en beleggings in geldmarkinstrumente met 'n maksimum vervaldatum van drie maande vanaf verkrygingsdatum. Sekere kontantsaldo's se onmiddellike gebruik is beperk ingevolge ooreenkomste met banke en ander finansiële instellings. Vir doeleindes van die kontantvloeistaat word kontant en kontantekwivalente aangebied netto van bankoortrekkings.

(l) Lenings

Lenings word aanvanklik erken teen billike waarde netto van enige transaksiekoste. Ná die aanvanklike erkenning word lenings teen geamortiseerde koste met gebruik van die effektiwerentekoers-metode gedra. Enige verskil tussen die teenprestasie ontvang en die vereffeningsbedrag word in die inkomstestaat erken oor die tydperk van die lening.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(m) Voorsienings

Die groep skep voorsienings as daar tans 'n wetlike of afgeleide verpligting bestaan wat voortvloei uit 'n vorige gebeurtenis, dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele uit die groep sal vloei ten einde die verpligting af te los, en daar 'n betroubare raming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word.

Die groep erken die geraamde verpligting op alle produkte onder waargang soos op die balansstaatdatum. Die groep erken 'n voorsiening vir beswarende kontrakte wanneer die onvermybare koste om 'n kontraktuele verpligting na te kom die verwagte voordele uit die kontrak oorskry. Herorganisasievoorsienings word erken gedurende die tydperk waartydens die groep 'n wettige of konstruktiewe verpligting oploop om te betaal. Koste verbonde aan die voortgesette aktiwiteite van die groep word nie vooruit voorsien nie.

(n) Belasting

Belastingkoerse

Die standaardkoers wat gebruik is vir normale Suid-Afrikaanse maatskappybelasting vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 is 29% (2007: 29%). Uitgestelbelasting-bates en -laste van Suid-Afrikaanse entiteite is op 31 Maart 2008 teen 28% (2007: 29%) bereken, aangesien dit die koers is wat die groep ver wag van toepassing sal wees op die tydperke wanneer die bates realiseer en die verpligtinge vereffen word. Sekondêre belasting op maatskappye is bereken teen 10% (2007: 12,5%) en kapitaalwinstbelasting is bereken teen 50% van die maatskappybelastingkoers. Internasionale belastingkoerse wissel van jurisdiksie tot jurisdiksie.

Uitgestelde belasting

Uitgestelde belasting word ten volle voorsien volgens die balansstaat-aanspreeklikheidsmetode vir alle tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasis van bates en laste en hul drawaardes vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes. Huidige statutêre koerse of, waar van toepassing, statutêre koerse wat wesenlik verorden is, word gebruik om uitgestelde belasting te bepaal.

Ingevolge hierdie metode moet die groep voorsiening maak vir uitgestelde belasting, met betrekking tot verkrygings, op die verskil tussen die billike waardes van die netto bates verkry en hul belastingbasis. Voorsiening vir belastings, hoofsaaklik terughoubelasting, wat kan ontstaan met die uitkering van behoue inkomste, word slegs erken tot die mate dat daar 'n huidige voorneme is om sodanige reserwes uit te keer.

Die belangrikste tydelike verskille ontstaan op waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting, ander ontasbare bates, voorsienings en ander bedryfslaste, vooruitontvang inkomste, SBM-krediete, bruikhuur en belastingverliese oorgedra. Uitgestelbelasting-bates word erken tot die mate dat dit waarskynlik is dat toekomstige belasbare inkomste beskikbaar sal wees om die onbenutte belastingverliese en tydelike verskille te kan benut.

Uitgestelde belasting word voorsien op tydelike verskille wat ontstaan op beleggings in filiale en geassosieerde maatskappye, behalwe waar die tydperk van die realisering van die tydelike verskil deur die groep beheer word en dit waarskynlik is dat die tydelike verskil nie in die nabye toekoms sal realiseer nie.

Sekondêre belasting op maatskappye ("SBM")

Dividende verklaar deur Suid-Afrikaanse maatskappye is onderhewig aan SBM, maar word verminder met dividende ontvang gedurende die dividendsiklus ten einde die SBM-verpligting te bepaal. Indien die dividende wat gedurende die siklus ontvang is die dividend verklaar oorskry, is daar geen SBM-verpligting nie. Die potensiële belastingvoordeel van enige sodanige oorskot dividende ontvang, word oorgedra na die volgende dividendsiklus. Indien die dividend verklaar die dividende ontvang gedurende die dividendsiklus oorskry, is SBM betaalbaar teen die heersende SBM-koers. Die SBM-uitgawe vorm deel van die belastinguitgawe in die inkomstestaat in die tydperk wat die dividend betaal word. Uitgestelbelasting-bates word erken op onbenutte SBM-krediete tot die mate dat dit waarskynlik is dat die groep toekomstige dividende gaan verklaar om die SBM-krediete te kan benut.

(o) Buitelandse valuta

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word in rand aangebied, wat die groep se funksionele asook aanbiedingsgeldeenheid is. Die groep meet egter alle transaksies vir al sy wesenlike bedrywighede in die funksionele geldeenheid van daardie spesifieke entiteit, wat in die meeste gevalle, maar nie noodwendig nie, die geldeenheid is van die primêre ekonomiese omgewing waarbinne die onderneming sake bedryf.

Vir transaksies en rekeningsaldo's

Buitelandse valutatransaksies word teen die heersende sigkoers, wat op die transaksiedatum geld, erken. Winst en verliese wat ontstaan uit die vereffening van sodanige transaksies, asook uit die omskakeling van monetêre bates en laste teen jaareindsluitingskoerse, word in die inkomstestaat erken, tensy dit in ekwiteit gedra word as kwalifiserende kontantvloeienskane of kwalifiserende netto beleggingskane.

Buitelandse valutaverskille uit die omrekening van nie-monetêre bates en laste, soos ekwiteitsinstrumente gehou teen billikewaarde-deur-wins-en-verlies, word geopenbaar as deel van die billikewaarde-wins/verlies. Valutaverskille uit die omskakeling van nie-monetêre items, soos ekwiteitsinstrumente geklassifiseer as gehou-vir-verkoop- finansiële bates, word ingesluit in die billikewaarde-reserwe in ekwiteit.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(o) Buitelandse valuta (vervolg)

Vir die omrekening van groepsaantekeningresultate

Die resultate en finansiële posisie van al die groepentiteite (waarvan geen 'n geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie het nie) wat 'n funksionele geldeenheid het wat verskil van die aanbiedingsgeldeenheid, word soos volg na die groep se aanbiedingsgeldeenheid omgerek:

- (i) alle balansstaat-items (bates en laste) word omgerek teen die heersende sluitingsprys wat op die betrokke balansstaatdatum geld
- (ii) alle inkomstestaat-items (inkomste en uitgawes) word omgerek teen die gemiddelde wisselkoers (behalwe as die gemiddelde wisselkoers nie 'n redelike weergawe van die kumulatiewe effek van die wisselkoerse wat heers op transaksiedatums is nie, in welke geval inkomste en uitgawes omgerek word teen die heersende sigkoers wat op die transaksiedatums geld), en
- (iii) alle buitelandse valutaverskille word erken as 'n aparte komponent van ekwiteit.

Tydens konsolidasie word alle buitelandse valutaverskille, wat ontstaan as gevolg van die omskakeling van netto beleggings in buitelandse entiteite en lenings en ander valuta instrumente, geklassifiseer as verskansingsinstrumente van sulke beleggings, geneem na aandeelhouersekweiteit. Wanneer 'n buitelandse onderneming van die hand gesit word, sal sulke valutaverskille in die inkomstestaat as deel van "wins of verlies met verkoop van beleggings" erken word.

Klandisiewaarde en billikewaarde-aansuiweringe wat ontstaan tydens die verkryging van 'n buitelandse entiteit, word erken as deel van die buitelandse entiteit se bates en laste en omgerek teen die heersende sluitingsprys.

(p) Afgeleide finansiële instrumente

Die groep gebruik afgeleide instrumente om die blootstelling aan skommeling in wisselkoerse en rentekoerse te bestuur en te beperk. Hierdie instrumente bestaan hoofsaaklik uit valutatermykontrakte, plafonrentekoers-ooreenkomste en rentekoersruilooreenkomste. Valutatermykontrakte beskerm die groep teen fluktuasies in wisselkoerse, deurdat 'n wisselkoers gekontrakteer word waarteen 'n buitelandse bate of las verreken sal word. Rentekoersruil- en plafonrentekoers-ooreenkomste beskerm die groep teen fluktuasies in rentekoerse. Dit is die groep se beleid om nie handel te dryf in afgeleide finansiële instrumente vir ekonomiese spekulatiewe doeleindes nie.

Tydens die aangaan van 'n transaksie dokumenteer die groep die verwantskap tussen die verskansingsinstrument en die verskanste item, asook die groep se risikobestuurdoelwitte en -strategieë vir die onderneming van verskeie verskansings-transaksies. Tydens die aangaan van die verskansingstransaksie en op 'n deurlopende grondslag dokumenteer die groep sy beraming van die mate waarin die afgeleide finansiële instrumente effektief die verandering van die billike waarde of kontantvloei van die verskanste item verreken. Die billike waardes van verskeie afgeleide instrumente wat gebruik word vir verskansingsdoeleindes is vervat in aantekening 38. Bewegings in die verskansingsreserwe word getoon in die staat van veranderinge in ekwiteit.

Afgeleide instrumente word in die balansstaat erken teen billike waarde. Die metode vir die erkenning van die wins of verlies wat ontstaan, is onafhanklik van die verskanste item. Die groep klassifiseer afgeleide instrumente as óf (1) 'n skans teen die billike waarde van 'n erkende bate of las of 'n vaste verbintenis (billikewaarde-skans); óf (2) 'n skans teen 'n voorspelde transaksie, 'n buitelandse valutarisiko of 'n vaste verbintenis (kontantvloieskans); óf (3) 'n skans teen 'n netto belegging in 'n buitelandse entiteit op die datum wanneer 'n afgeleide-instrument-kontrak voltrek word.

Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat as billikewaarde-skans kwalifiseer, en as sodanig geklassifiseer word en hoogs effektief is, word in die inkomstestaat erken sover dit effektief is, tesame met die veranderinge in billike waarde van die verskanste bate of las wat toeskryfbaar is aan die verskanste risiko.

Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat as kontantvloieskans kwalifiseer, word in ekwiteit verantwoord sover dit effektief is met die oneffektiewe gedeelte wat in die inkomstestaat erken word. Waar die verskansing van die verwagte transaksie of vaste verbintenis aanleiding gee tot die erkenning van 'n bate of 'n las, word die winste en verliese wat voorheen in ekwiteit uitgestel is, oorgedra vanaf ekwiteit en ingesluit in die aanvanklike meting van die bate of las.

Andersins word bedrae wat uitgestel is in ekwiteit oorgedra na die inkomstestaat en as 'n inkomste of uitgawe geklassifiseer in dieselfde tydperk waartydens die verskanste vaste verbintenis of verskanste transaksie op die inkomstestaat 'n uitwerking het. Sekere afgeleide instrumente, hoewel hulle aan die groep doeltreffende ekonomiese verskansing bied ingevolge die groep se risikobestuurbeleid, kwalifiseer nie vir verskansingsrekeningkunde nie. Veranderinge in die billike waarde van enige afgeleide instrument wat nie kwalifiseer vir verskansingsrekeningkunde nie, word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

Indien 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of 'n skans nie meer aan die vereistes van verskansingsrekeningkunde voldoen nie, word enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie tydstip in ekwiteit gedra word in ekwiteit gehou en word dit in die inkomstestaat erken wanneer die verbintenis of verwagte transaksie uiteindelik erken word. Indien verwag word dat 'n voorheen voorspelde transaksie of vaste verbintenis nie meer gaan plaasvind nie, word die kumulatiewe wins of verlies, wat in ekwiteit erken is, onmiddellik oorgedra na die inkomstestaat.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(p) Afgeleide finansiële instrumente (vervolg)

Skanse van netto beleggings in buitelandse entiteite word verantwoord op dieselfde wyse as kontantvloeienskans. Waar die verskansingsinstrument 'n afgeleide instrument is, word enige wins of verlies op die verskansingsinstrument wat verband hou met die doeltreffende deel van die skans, in ekwiteit erken. Die wins of verlies met betrekking tot die ondoeltreffende deel word onmiddellik in die inkomstestaat erken. Indien die verskansingsinstrument egter nie 'n afgeleide instrument is nie, word alle buitelandse valuta-omrekeningswinste en -verliese in die inkomstestaat erken.

Vasgeslote afgeleide instrumente is afgeleide instrumente wat deel vorm van 'n ander kontrak of gasheerkontrak. Die groep skei 'n vasgeslote afgeleide instrument van sy gasheerkontrak en verantwoord dit afsonderlik indien die ekonomiese kenmerke nie nou of duidelik verwant is aan dié van die gasheerkontrak nie. Hierdie geskeide vasgeslote afgeleide instrumente word geklassifiseer as bates of laste gehou-vir-verhandeling en word gewaardeer teen markwaarde met veranderinge erken in die inkomstestaat, mits die gasheerkontrak nie gemeet word teen billike waarde met veranderings erken in die inkomstestaat nie. Die groep klassifiseer winste en verliese op vasgeslote afgeleide instrumente soos volg: terwyl die bate wat verband hou met die vasgeslote afgeleide instrument op die balansstaat erken is, word alle billikewaarde-aanpassings as deel van "netto finansieringskoste" erken. Sodra die vasgeslote afgeleide instrument gekanselleer of gerealiseer is, word enige buitelandse-valuta-wins of -verlies erken as deel van "koste om dienste te lewer en goedere te verkoop" sodat die koste van die item wat in bedryfswins in die periode erken is, hiermee vergelykbaar is.

(q) Inkomste-erkenning

Produkverkope

Produkverkope word erken met lewering van die produkte en aanvaarding daarvan deur kliente, ná aftrekking van verkoopsbelasting, BTW en korting, en nadat intergroepverkope uitgeskakel is. Geen element van finansiering word geag ingesluit te wees nie, aangesien verkope gedoen word met kredietterme wat kort termyn van aard is.

Intekengelde

Betaaltelevisie- en internet-intekengelde word erken oor die periode waartydens die diens gelewer word. Intekengelde ontstaan uit die maandelikse rekening, wat aan die intekenaar van betaaltelevisie- en internetdienste wat deur die groep verskaf word, gestuur word. Inkomste word erken in die maand waarin die diens gelewer word. Enige intekengelde wat vooruitontvang word vir die dienste wat nog verskaf moet word, word te boek gestel as uitgestelde inkomste en eers erken as inkomste in die maand wat die diens gelewer word.

Sirkulasie-inkomste

Sirkulasie-inkomste word in die maand waarin die tydskrif of koerant verkoop word, erken.

Boekuitgewery- en verkope

Verkope word erken met lewering van die produkte en aanvaarding daarvan deur kliente, ná aftrekking van verkoopsbelasting, BTW en korting, en nadat intergroepverkope uitgeskakel is.

Advertensie-inkomste

Die groep verdien hoofsaaklik advertensie-inkomste uit advertensies gepubliseer in die groep se koerante en tydskrifte, uitsending op die groep se betaaltelevisieplatforms, en deur plasinge op die groep se webrumtes en kitsboodskapvensters. Advertensie-inkomste van betaaltelevisie- en drukmedia-produkte word erken met uitsending of publikasie oor die tydperk van die advertensiekontrak. Publikasie word geag plaas te vind wanneer die drukmedia-produk afgelewer is by die handelaar en beskikbaar is vir verkoop aan die algemene publiek. Aanlynadvertensie-inkomste word reglynig oor die tydperk wat die advertensie vertoon word, erken.

Drukwerk en verspreiding

Inkomste uit druk- en verspreidingsdienste word erken met die voltooiing van die diens en lewering van die verwante produk en aanvaarding deur die klient, ná aftrekking van belastinge, BTW en korting, en nadat intergroepverkope uitgeskakel is. Die erkenning van inkomste uit drukwerk word gegrond op lewering van die produk by die verspreidingsdepot en aanvaarding deur die verspreider van die klient, of waar die klient self verantwoordelik is vir die vervoer van die klient se produkte, aanvaarding deur die klient of sy genomineerde vervoerkontraakteur. Inkomste uit verspreidingsdienste word erken met die lewering aan en aanvaarding deur die kleinhandelaar van die produk.

Druk- en verspreidingsdienste word apart gelewer deur verskillende entiteite in die groep en word apart gekontraakteer met derdeparty-kliente. Waar hierdie dienste aan dieselfde klient verskaf word, strook die bepalinge van elke aparte kontrak met kontrakte vir die lewering van een van die dienste aan 'n onafhanklike party. Inkomste uit druk- en verspreidingsdienste word apart erken, aangesien die kontrakte apart beding word, gegrond op die billike waarde van elke diens.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(q) Inkomste-erkenning (vervolg)

Tegnologiekontrakte en -lisensies

Vir kontrakte met veelvoudige verpligtings (byvoorbeeld instandhouding en ander dienste) en waarvoor verkoperspesifieke onafhanklike bewyse van die billike waarde van die onafgelewerde elemente bestaan, word inkomste van produksiensies erken ná lewering, waar betaling van verskuldigde bedrae waarskynlik is, waar die bedrag vasgestel of bepaalbaar is, en waar onafhanklike bewyse bestaan om die totale bedrag tussen alle gelewerde en ongelewerde elemente van die ooreenkoms toe te wys. Oor die algemeen het die groep verkoperspesifieke onafhanklike bewyse van die billike waarde van die instandhoudings-element van programmatuur-kontrakte, gegrond op die hernuwingstariewe vir instandhouding in toekomstige jare, soos gespesifiseer in die kontrakte. In sulke gevalle word die instandhoudingsgelde uitgestel met die aanvang van die ooreenkoms en word eweredig erken oor die tydperk waartydens die instandhoudingswerk verskaf sal word, welke tydperk normaalweg 'n aanvang neem op die afleweringdatum van die programmatuur. Verkoperspesifieke objektiewe bewyse van die billike waarde van die dienselement word gebaseer op die prys van sulke dienste indien dit apart verkoop word. Die groep erken inkomste toegewys aan instandhoudings- en ondersteuningsgelde, vir voortgesette klantesteun en vir produk-opgraderings, eweredig oor die duur van die betrokke kontrak. Betalings vir instandhouding- en ondersteuningsgelde vind normaalweg vooruit plaas en is nie terugbetaalbaar nie. Vir inkomste toegewys aan konsultasiedienste en konsultasiedienste afsonderlik verkoop, erken die groep inkomste soos die betrokke dienste gelewer word.

Die groep sluit ooreenkoms met netwerkooperateurs waarvolgens toepassingsprogrammatuur gelisensieer word aan netwerkooperateurs in ruil vir 'n persentasie van die intekengeld wat hulle van hul klante verdien. In gevalle waar al die programmatuur ingevolge die ooreenkoms gelewer is word inkomste erken wanneer die netwerkooperateur die groep se inkomste-aandeel rapporteer, wat normaalweg op 'n kwartaalbasis plaasvind. Waar die groep ooreenkoms aangegaan het om ongespesifiseerde toekomstige toepassings te lewer, word die inkomste op gelewerde toepassings erken op 'n subskripsiebasis oor die termyn van die ooreenkoms.

Kontrakuitgewery

Inkomste wat verband hou met enige spesifieke publikasie word in berekening gebring in die maand wat dit gepubliseer word. Verkope word erken ná aftrekking van verkoopsbelasting, BTW en korting, en nadat intergroepverkope uitgeskakel is.

Dekodeerderonderhoud-inkomste

Dekodeerderonderhoud-inkomste word erken oor die tydperk van dienslewering.

(r) Ander inkomste

Rente en dividende ontvang op beskikbaar-vir-verkoop-bates word ingesluit in beleggingsinkomste en vorm nie deel van die billikewaarde-beweging in ekwiteit nie. Rente word erken op die effektiewe opbrengs-metode en dividende word erken wanneer die reg op betaling gevestig is.

(s) Werknemersvoordele

Aftreevoordele

Die groep voorsien vir die aftreevoordele van sy heeltydse werknemers hoofsaaklik deur middel van maandelikse bydraes tot 'n aantal vastebydrae-pensioen- en -voorsorgfondse in die lande waar die groep bedrywig is. Die bates van hierdie fondse word normaalweg in aparte fondse, wat deur trustees geadminestreer word, gehou. Die groep se bydraes tot aftreefondse word as 'n uitgawe erken in die periode waartydens die verwante diens deur die werknemers gelewer word.

Mediesefonds-voordele

Die groep se bydrae tot mediese bystandfondse vir werknemers word as 'n uitgawe erken in die periode waartydens die verwante diens deur die werknemers gelewer word.

Ná-aftrede mediese voordele

Sommige groepmaatskappye voorsien ná-aftrede mediese voordele aan afgetrede werknemers. Die werknemer is geregtig op hierdie voordele indien hy of sy tot en met aftree-ouderdom in diens was en 'n minimum dienstydsperk voltooi het. Die verwagte koste van hierdie voordele word voorsien oor die werknemer se dienstydsperk volgens rekeningkundige beginsels soortgelyk aan dié vir vastevoordeel-fondse. Onafhanklike gekwalifiseerde aktuarisse bepaal jaarliks hierdie verpligtinge. Alle aktuariële winste en verliese word onmiddellik erken in die inkomstestaat. Die aktuariëlewaardasie-metode wat gebruik word om die verpligtinge te waardeer is die metode vir geprojekteerde kredieteenhede. Toekomstige voordele word geprojekteer deur spesifieke aktuariële aannames te gebruik en die verpligting ten opsigte van indiens-personeel word erken oor hul verwagte werkydperke. Hierdie verpligting, met die uitsondering van die ooreenkoms wat Media24 Beperk en Via Afrika Beperk met sekere werknemers aangegaan het, is nie befonds nie.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(t) Ekwiteitsvergoedingsvoordele

Die groep bied aan sy werknemers aandele-opsies en aandelewaarderingsregte (AWRe) onder verskeie ekwiteitvergoedingsplanne. Ingevolge IFRS 2 het die groep 'n werknemervoordeel-uitgawe in die inkomstestaat erken wat die billike waarde van die aandele-opsies en AWRe wat die groep aan werknemers toegeken het, weerspieël. 'n Ooreenstemmende krediet na ekwiteit is te boek gestel vir aandele-vereffende planne, terwyl 'n ooreenstemmende krediet in verpligtinge te boek gestel is vir kontant-vereffende planne. Die billike waarde van die opsies en AWRe op die datum van toekenning vir aandele-vereffende planne, word te boek gestel in die inkomstestaat oor die termyn van vestiging en aangepas vir die werklike en verwagte vlakke van vestiging. Die groep heroorweeg die billike waarde van die verpligting erken met elke verslagdoeningsdatum en op die datum van vereffening vir kontant-vereffende planne. Die verandering in billike waarde word in die inkomstestaat erken. 'n Aandeelopsie of AWRe word as aandele-vereffenbaar geag indien die opsie of wins uitbetaal word deur middel van Naspers N-aandele. Dit word as kontant-vereffenbaar geag indien die vereffening in kontant of enige ander bate gedoen word, buiten die uitreiking van Naspers N-aandele. Elke aandeeltrust- of AWRe-planakke bepaal of die plan vereffen word deur die uitreiking van Naspers-aandele.

(u) Tesourie-aandele

Wanneer filiale aandele in die beheermaatskappy se ekwiteitsaandelekapitaal besit, word die totale bedrag betaal om die aandele te bekom, plus enige verwante inkrementele eksterne kostes, afgetrek van totale aandeelhouersbelang as tesourie-aandele. Wanneer hierdie aandele later verkoop of heruitgereik word, word enige vergoeding ontvang ingesluit in aandeelhouersbelang. Aandele uitgereik aan of gehou deur aandele-aanspingskemas in die groep word gehanteer as tesourie-aandele tot die datum wanneer die deelnemer vir die aandele betaal en dit opneem. Dieselfde geld vir tesourie-aandele gehou deur gesamentlike ondernemings.

(v) Segmentverslagdoening

Die primêre segmentverslagdoening is gegrond op die groep se metode van interne verslagdoening, wat sy onderneming volgens diens of produk skei. Die sekondêre segmentverslagdoening is opgestel op 'n geografiese grondslag. Intersegment-oorsplasinge en -transaksies word aangegaan teen normale kommersiële bepalinge en voorwaardes wat nie-verwante derde partye sou geniet. Hierdie inter- en intragroeptransaksies word geëlimineer tydens konsolidasie.

(w) Eindigende bedrywighede

'n Eindigende bedrywigheid ontstaan by die verkoop of staak van 'n afsonderlike weselike sakegment waarvan die bates, netto winste of verliese en bedrywighede vir fisieke, operasionele en finansiële verslagdoeningsdoeleindes, onderskei kan word. Die resultate van eindigende bedrywighede tot met die datum van verkoop of staking, ná aftrekking van belasting, word afsonderlik geopenbaar.

(x) Onlangs uitgereikte rekeningkundige standpunte

Die Internasionale Rekeningkundige Standpunte Raad ("IASB") het 'n aantal standpunte, wysigings aan standpunte en interpretasies gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2008 uitgereik. Hierdie wysigings en standpunte sal deur die groep geïmplementeer word gedurende die finansiële jare wat eindig op 31 Maart 2009 en 31 Maart 2010.

(i) Standpunte, wysigings aan standpunte en interpretasies van bestaande standpunte wat gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2008 van toepassing is:

- IFRS 7 "Openbaarmaking van Finansiële Instrumente" en die wysiging aan IAS 1 "Aanbieding van Finansiële State: Kapitaal-openbaarmakings". Hierdie nuwe standpunt voeg sekere nuwe openbaarmakingsvereistes vir finansiële instrumente by dit wat vereis word deur IAS 32 "Finansiële Instrumente: Aanbieding", asook openbaarmaking oor die groep se kapitaal en hoe hierdie kapitaal bestuur word.
- IFRIC 8 "Omvang van IFRS 2" vereis oorweging van transaksies wat die uitreik van ekwiteitsinstrumente behels, waar die identifiseerbare vergoeding ontvang minder is as die billike waarde van die ekwiteitsinstrumente uitgereik, om vas te stel of die transaksie binne die raamwerk van IFRS 2 val. Die interpretasie het geen weselike uitwerking op die groep se finansiële state gehad nie.
- IFRIC 9 "Heroorweging van Vasgeslote Afgeleide Instrumente" is deur die groep gedurende die huidige finansiële jaar wat op 31 Maart 2008 eindig, geïmplementeer en het geen weselike uitwerking op die groep gehad nie.
- IFRIC 11 "IFRS 2 – Groep- en Tesourie-aandeletransaksies". Indien 'n beheermaatskappy van sy aandele aan werknemers van 'n filiaal toeken, word die transaksie as aandele-vereffenbaar vir die verslagdoeningsdoeleindes van die groep en die filiaal gehanteer. Indien 'n filiaal egter aandele van die beheermaatskappy aan sy werknemers toeken, moet die filiaal die transaksie as 'n kontant-vereffenbare aandeelgebaseerde betalingstransaksie hanteer, terwyl die groep dit as 'n aandele-vereffenbare transaksie hanteer. Hierdie IFRIC is op 2 November 2006 uitgereik en geld vir finansiële tydperke wat op of ná 1 Maart 2007 begin het. Die groep het hierdie IFRIC gedurende die finansiële jaar wat op 31 Maart 2008 geëindig het, geïmplementeer en dit het geen weselike uitwerking gehad nie.

2. VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(x) Onlangs uitgereikte rekeningkundige standpunte (vervolg)

- SAICA Omsendbrief 8/2007 "Wesensverdiensite" is op versoek van die JSE Beperk deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geotkrooierde Rekenmeesters uitgereik. Hierdie omsendbrief definieer die berekening van wesensverdiensite, en het ook die struktuur en uitleg van die aanbieding verander deur die aparte openbaarmaking van die minderheids- en belastingeffek. Die groep het die omsendbrief met die bekendmaking van die tussentydse resultate vir die ses-maande- periode wat op 30 September 2007 geëindig het, geïmplementeer. Die uitwerking en aanbieding vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 word in aantekening 28 geopenbaar.
- RE 503 "Teboekstelling van Swart Ekonomiese Bemagtiging ("SEB")-transaksies" is deur die groep gedurende die huidige finansiële jaar wat op 31 Maart 2008 geëindig het, geïmplementeer en het geen wesenlike uitwerking op die groep gehad nie.

(ii) Standpunte, wysigings aan standpunte en interpretasies wat nog nie effektief is of vroeër deur die groep in gebruik geneem is nie:

- IFRIC 12 "Dienskonsessie-ooreenkomste" is op 30 November 2006 uitgereik. Dienskonsessie-ooreenkomste is ooreenkomste waar 'n regerings- of ander liggaam kontrakte toestaan vir die verskaffing van openbare dienste. Die doel van hierdie interpretasie is om te verduidelik hoe sekere aspekte van dienskonsessie-ooreenkomste gehanteer moet word. Die groep sal hierdie interpretasie gedurende die finansiële jaar wat op 31 Maart 2009 eindig, implementeer, en is tans besig om die uitwerking daarvan te evalueer.
- IFRIC 13 "Kliëntlojaliteit-programme" is op 28 Junie 2007 uitgereik en spreek die rekeningkundige hantering aan van entiteite wat krediete aan lojale kliënte wat goedere of dienste koop, toestaan. Die groep sal hierdie interpretasie gedurende die finansiële jaar wat op 31 Maart 2010 eindig, implementeer en is tans besig om die uitwerking daarvan te evalueer.
- IFRIC 14 "Beperking op Omskrewevoordeel-bate, Minimum Befondsingsvereistes en hul Interaksie" is op 4 Julie 2007 uitgereik en spreek die interaksie aan tussen 'n minimum befondsingsvereiste en die beperking deur paragraaf 58 van IAS 19 geplaas op die meting van die omskrewedydrae-bate of -las. Die groep sal hierdie interpretasie gedurende die finansiële jaar wat op 31 Maart 2009 eindig, implementeer en is tans besig om die uitwerking daarvan te evalueer.
- Die wysigings aan IAS 1 "Aanbieding van Finansiële State" is op 6 September 2007 uitgereik. Die belangrikste veranderinge van die vorige weergawe is die bekendstelling van die "omvattende staat van inkomste", "staat van finansiële posisie" en "staat van kontantvloei" (tans die inkomstestaat en staat van veranderinge in ekwiteit, balansstaat en kontantvloeistaat). Die groep sal hierdie wysigings gedurende die finansiële jaar wat op 31 Maart 2010 eindig, implementeer en is tans besig om die uitwerking daarvan te evalueer.
- Die wysigings aan IFRS 3 "Besigheidsamevoegings" en IAS 27 "Gekonsolideerde en Individuele Finansiële State" is op 10 Januarie 2008 uitgereik. Dit plaas meer klem op die gebruik van billike waarde en fokus op veranderinge in beheer as 'n wesenlike ekonomiese gebeurtenis. Dit fokus ook meer op waarde wat die verkoper ontvang as vergoeding eerder as die vergoeding wat gegee is om die verkryging te bewerkstellig. Die groep sal hierdie wysigings gedurende die finansiële jaar wat op 31 Maart 2010 eindig, implementeer en is tans besig om die uitwerking daarvan te evalueer.
- Die wysiging aan IFRS 2 "Aandeelgebaseerde vergoeding" is uitgereik op 17 Januarie 2008 om die begrippe "vestigingsvoorwaardes" en "kansellasies" te definieer. Die groep sal hierdie wysigings gedurende die finansiële jaar wat op 31 Maart 2010 eindig, implementeer en is tans besig om die uitwerking daarvan te evalueer.
- Die wysigings aan IAS 32 en IAS 1 "Aanbieding van Finansiële State: Verkoopbare Finansiële Instrumente en Verpligtinge wat Ontstaan met Likwidasië" is op 14 Februarie 2008 uitgereik. Die wysigings is van toepassing op entiteite wat finansiële instrumente uitgereik het wat (i) verkoopbare finansiële instrumente is, of (ii) instrumente, of komponente van instrumente, wat 'n verpligting op die entiteit plaas om aan 'n ander party 'n pro rata-aandeel van die netto batewaarde van die entiteit met likwidasië te lewer. Die groep sal hierdie wysigings gedurende die finansiële jaar wat op 31 Maart 2010 eindig, implementeer en is tans besig om die uitwerking daarvan te evalueer.
- IFRS 8 "Bedryfsegmente" vereis 'n bestuursbenadering tot die verslagdoening van die finansiële prestasie van bedryfsegmente maar vereis dat sodanige inligting steeds na gepubliseerde IFRS-resultate gerekonsilieer moet word. IFRS 8 is op 30 November 2006 gepubliseer en geld vir die groep vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2010 eindig. Die groep is tans besig om die uitwerking daarvan te evalueer.
- 'n Hersiene IAS 23 "Leenkoste" is op 29 Maart 2007 uitgereik en die belangrikste verandering is die verwydering van die opsie om leenkoste, wat verband hou met 'n bate wat eers ná 'n aansienlike tydperk gereed vir gebruik of verkoop sal wees, onmiddellik as 'n uitgawe te erken. Daar word dus van 'n entiteit verlang om leenkoste as deel van die koste van so 'n bate te kapitaliseer. Die hersiene standpunt is van toepassing op leenkoste wat verband hou met kwalifiserende bates waarvan die aanvangsdatum vir kapitalisasie op of ná 1 Januarie 2009 is. Die groep sal hierdie wysigings aanneem in sy finansiële jaar wat op 31 Maart 2009 eindig en is tans besig om die effek van hierdie wysigings te evalueer.

3. BEDUIDENDE VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS

Finansiële jaar geëindig 31 Maart 2008

In Maart 2008 het die groep 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Tradus plc., 'n maatskappy wat aanlyn-verbruikers-handelsplatforms en verwante internetdienste verskaf, teen 'n koopsom van R15,3 miljard, wat transaksiekoste van R74 miljoen insluit, verkry. Die koopsom is vereffen deur skuldfinansiering van R11,3 miljard plus kontant. Die groep is tans besig om die kooprystoekening te finaliseer en het die koopsom, gegrond op 'n voorlopige waardasie, soos volg erken: netto tasbare bates (R491 miljoen), ontasbare bates (R461 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

In November 2007 het die groep sy verkryging van 'n belang van 40% in Elektroniese Medianetwerk Beperk ("M-Net") en SuperSport Internasionaal Beherend Beperk ("SuperSport"), soos in November 2006 aangekondig is, afgehandel. Die totale koopsom is vereffen deur die uitreiking van 21 601 667 Naspers N-gewone aandele en R250 miljoen kontant. Die billike waarde van die uitgereikte aandele was R180 per aandeel op 30 November 2007. Die groep het die koopsom, gegrond op 'n waardasie, soos volg erken: netto tasbare bates (R369 miljoen), ontasbare bates (R528 miljoen) en die res as klandisiewaarde. Die groep het proporsioneel 60,12% van die resultate vir M-Net en SuperSport vir die agt maande tot 30 November 2007 gekonsolideer, en 100% van die resultate van 1 Desember 2007 tot 31 Maart 2008.

In Desember 2007 het die groep 97% van die uitgereikte aandelekapitaal van Gadu-Gadu S.A., die voorste kitsboodskapplatform in Pole, teen 'n kontantkoopsom van R1,1 miljard verkry. Dit sluit transaksiekoste van R29 miljoen in. Die groep het die kooprystoekening, gegrond op 'n waardasie, soos volg erken: netto tasbare bates (R191 miljoen), ontasbare bates (R224 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

In Desember 2007 het die groep 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Cloakware Inc., 'n Amerikaanse maatskappy wat programmatuur-sekureiteitsoplossings bied, teen 'n kontantkoopsom van R505 miljoen verkry. Die groep het die koopsom, gegrond op 'n waardasie, soos volg erken: netto tasbare laste (R204 miljoen), ontasbare bates (R485 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

In Oktober 2007 het die groep 'n belang van 87,8% in AFSAT Communications Limited verkry teen 'n kontantkoopsom van R323 miljoen, insluitend 'n voorwaardelike koopsom vir 'n tweede (6,1%-belang) en derde (6,1%-belang) deel, wat op onderskeidelik 30 September 2008 en 31 Maart 2009 vereffen sal word. Enige verskil in die voorwaardelike koopsom sal as 'n aansuiwering van klandisiewaarde erken word. Die groep is tans besig om die kooprystoekening te finaliseer en het die koopsom, gegrond op 'n voorlopige waardasie, soos volg erken: netto tasbare bates (R13 miljoen), ontasbare bates (R100 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

In Februarie 2008 het die groep 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Dayport, 'n Amerikaanse maatskappy wat op die uitgee van video's, inhoud-, werkvloei- en sindikasie-oplossings fokus, teen 'n kontantkoopsom van R227 miljoen verkry. Die groep het die koopsom, gegrond op 'n waardasie, soos volg erken: ontasbare bates (R81 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

In Oktober 2007 het die groep 'n bykomende belang van 2,6% in mail.ru teen 'n kontantkoopsom van R175 miljoen verkry, wat die groep se totale aandeelhouding in mail.ru op 32,6% te staan bring. Die groep het die koopsom, gegrond op 'n waardasie, soos volg erken: netto tasbare bates (R8 miljoen), ontasbare bates (R33 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

In Junie 2007 het die groep 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van IDWay S.A.S., 'n maatskappy wat bedryfstelsels vir digitale TV-dekodeerders ontwikkel en bemark, teen 'n kontantkoopsom van R105 miljoen verkry. Die groep het die koopsom, gegrond op 'n waardasie, soos volg erken: netto tasbare laste (R17 miljoen), ontasbare bates (R78 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

Die omset en winste wat van hierdie verkrygings erken is, was nie weselik vir die groep se gekonsolideerde resultate vir die jaar nie.

3. **BEDUIDENDE VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS** (vervolg)

Finansiële jaar geëindig 31 Maart 2007

Die groep het in April 2006 100% van CryptoTec, 'n voorwaardeliketoegang-onderneming, vir 'n kontantkoopsom van R255 miljoen bekom. Die totale koopsom was volgens 'n waardasie ten volle aan netto bates toegewys.

Die groep het in Mei 2006 'n 30%-belang in Abril S.A., 'n vooraanstaande Brasiliaanse media-maatskappy, verkry vir 'n kontantkoopsom van R2,6 miljard. Die totale koopsom is volgens 'n waardasie soos volg toegewys: netto bates (R517 miljoen) en die balans aan klandisiewaarde.

Die groep het gedurende Julie 2006 'n addisionele 12%-belang in NetMed NV vir 'n kontantkoopsom van ongeveer R612 miljoen verkry. Die groep besit nou 87,5% van NetMed en die oorblywende 12,5% word deur Teletypos besit.

Gedurende Augustus 2006 het die groep 'n 20%-belang in Titan vir 'n kontantkoopsom van ongeveer R114 miljoen verkry. Die totale koopsom is volgens 'n waardasie soos volg toegewys: netto bates (R109 miljoen) en die balans aan klandisiewaarde. Daar word ver wag dat die groep 'n addisionele belang vir ongeveer VS\$13,5 miljoen gaan verkry, wat die groep se belang tot 37% gaan verhoog. Die bedrag word as 'n verpligting weerspieël.

Gedurende Desember 2006 het Media24 Beperk ("Media24") die breedgebaseerde Welkom Yizani-bemagtigingskema bekend gestel, wat aan kwalifiserende swart persone en groepe 'n geleentheid gebied het om in Media24 te belê. Die groep het 15% van Media24 Beherend (Eiendoms) Beperk, die beheermaatskappy van Media24, aan Welkom Yizani Beleggings Beperk ("Welkom Yizani") verkoop vir R730 miljoen. Die totale koopsom is vereffen deur R146 miljoen kontant te betaal en die uitreiking van R584 miljoen se voorkeuraandeel aan die groep.

Gedurende Desember 2006 het MultiChoice Afrika (Eiendoms) Beperk ("MCA") die breedgebaseerde Phuthuma Nathi en Phuthuma Nathi 2-bemagtigingskemas bekend gestel, wat aan kwalifiserende swart persone en groepe 'n geleentheid gebied het om 'n 22,5%-belang in MCA se betaaltelevisie- en internetbedrywighede te bekom. Die groep het 22,5% van MultiChoice Suid-Afrika Beherend (Eiendoms) Beperk, die beheermaatskappy van MCA, aan Phuthuma Nathi Beleggings Beperk verkoop vir R3,38 miljard. Die totale koopsom is vereffen deur R675 miljoen kontant te betaal, en die uitreiking van R2,7 miljard se voorkeuraandeel aan die groep. Die groep het gedurende Desember 2006 'n 30%-belang verkry in mail.ru, 'n leier op die gebied van die voorsiening van internet- en kommunikasiedienste aan die wêreldwye Russies-sprekende bevolking, vir 'n kontantkoopsom van ongeveer R1,2 miljard. Die totale koopsom is volgens 'n waardasie soos volg toegewys: ontasbare bates (R252 miljoen) en die balans aan klandisiewaarde.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
4. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING		
Grond en geboue – besit	1 040 469	780 701
Kosprys	1 191 541	921 127
Opgelope waardevermindering	151 072	140 426
Grond en geboue – gehuur	82 897	100 721
Kosprys	110 374	123 719
Opgelope waardevermindering	27 477	22 998
Produksietoerusting – besit	1 129 395	985 818
Kosprys	1 748 916	1 509 064
Opgelope waardevermindering	619 521	523 246
Produksietoerusting – gehuur	57 098	62 535
Kosprys	148 632	148 225
Opgelope waardevermindering	91 534	85 690
Transmissietoerusting – besit	314 728	203 895
Kosprys	557 169	457 800
Opgelope waardevermindering	242 441	253 905
Transmissietoerusting – gehuur	783 220	1 097 934
Kosprys	2 329 012	3 191 169
Opgelope waardevermindering	1 545 792	2 093 235
Voertuie, rekenaar- en kantoortoerusting – besit	880 520	676 132
Kosprys	1 899 196	1 797 842
Opgelope waardevermindering	1 018 676	1 121 710
Voertuie, rekenaar- en kantoortoerusting – gehuur	5 527	13 828
Kosprys	7 335	17 556
Opgelope waardevermindering	1 808	3 728
Subtotaal	4 293 854	3 921 564
Onvoltooide werk	246 720	167 185
Netto boekwaarde	4 540 574	4 088 749
Totale kosprys	8 238 895	8 333 687
Totale opgelope waardevermindering	3 698 321	4 244 938
Netto boekwaarde	4 540 574	4 088 749

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

4. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING (vervolg)

	Grond en geboue R'000	Produksie- toerusting R'000	Transmissie- toerusting R'000	Voertuie, rekenaar- en kantoor- toerusting R'000	Totaal 2008 R'000	Totaal 2007 R'000
Kosprys						
Openingsaldo	1 044 846	1 657 289	3 648 969	1 815 398	8 166 502	7 178 961
Gesamentlikeonderneming-aktiwiteite	—	—	—	—	—	18 313
Valuta-omrekeningsverskille	28 228	410	566 977	193 438	789 053	610 994
Hertoewysings	201	—	—	(201)	—	—
Adisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	40 947	—	104 649	64 244	209 840	—
Oorgedra na nie-bedryfsbates beskikbaar vir verkoop	(55 866)	—	(1 587 506)	(361 396)	(2 004 768)	—
Verkryging van filiale	2 322	3 687	9 160	135 212	150 381	42 820
Vervreemding van filiale	(45 242)	—	—	(182 407)	(227 649)	(42 422)
Verkrygings	290 645	261 362	180 608	369 683	1 102 298	880 607
Vervreemdings/afskrywings	(4 166)	(25 200)	(36 676)	(127 440)	(193 482)	(522 771)
Sluitingsaldo	1 301 915	1 897 548	2 886 181	1 906 531	7 992 175	8 166 502
Onvoltooië werk 31 Maart					246 720	167 185
Totale kosprys					8 238 895	8 333 687
Opgelope waardevermindering						
Openingsaldo	163 424	608 936	2 347 140	1 125 438	4 244 938	3 571 736
Gesamentlikeonderneming-aktiwiteite	—	—	—	—	—	4 207
Valuta-omrekeningsverskille	11 404	240	468 952	128 882	609 478	399 196
Hertoewysings	334	11	—	(345)	—	—
Waardedalings	—	—	18 899	—	18 899	66 854
Adisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	3 991	—	51 726	25 897	81 614	—
Oorgedra na nie-bedryfsbates beskikbaar vir verkoop	(25 281)	—	(1 383 321)	(272 825)	(1 681 427)	—
Verkryging van filiale	—	—	—	801	801	26 260
Vervreemding van filiale	(8 623)	—	—	(149 866)	(158 489)	(34 182)
Waardevermindering	34 181	120 392	319 434	267 986	741 993	670 811
Vervreemdings/afskrywings	(881)	(18 524)	(34 597)	(105 484)	(159 486)	(459 944)
Sluitingsaldo	178 549	711 055	1 788 233	1 020 484	3 698 321	4 244 938
Kosprys	1 301 915	1 897 548	2 886 181	1 906 531	7 992 175	8 166 502
Opgelope waardevermindering	178 549	711 055	1 788 233	1 020 484	3 698 321	4 244 938
Netto boekwaarde	1 123 366	1 186 493	1 097 948	886 047	4 293 854	3 921 564
Onvoltooië werk 31 Maart					246 720	167 185
Totale netto boekwaarde					4 540 574	4 088 749

Kragtens IAS 8 "Rekeningkundige Beleid, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute", is 'n raming van die verwagte toekomstige voordele uit eiendom, aanleg en toerusting gemaak. Gegrond op die mees onlangs beskikbare en betroubare inligting was daar 'n verandering in die geskatte lewensduur en reswaardes, wat 'n afname in waardevermindering van R0,5 miljoen (2007: toename van R15,7 miljoen) tot gevolg gehad het.

Die groep het gedurende die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2008 'n waardedalingsafskrywing op eiendom, aanleg en toerusting met 'n netto boekwaarde van R18,9 miljoen (2007: R66,9 miljoen) erken. Die waardedalingsverlies is ingesluit in "ander netto winste/ (verliese)" in die inkomstestaat. Die verhaalbare bedrag is vasgestel deur 'n gebruikswaardeberekening. Die waardedaling is genoegsaam aangesien die verhaalbare bedrag van die bates minder as hul drabedrag is.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

4. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING (vervolg)

Die groep het eiendom, aanleg en toerusting met 'n drabedrag van R804,3 miljoen op 31 Maart 2008 (2007: R951,3 miljoen) beswaar as sekuriteit teen sekere termynlenings en oortrokke bankrekeninge.

Registers met addisionele besonderhede van grond en geboue is beskikbaar vir inspeksie by die geregistreerde kantore van die betrokke groepmaatskappye. Die direkteur is van mening dat die verhaalbare bedrag van elke klas vaste eiendom die drabedrag waarteen dit in die balansstaat getoon word, oorskry.

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
5. KLANDISIEWAARDE		
Kosprys		
Openingsaldo	1 015 884	866 755
Valuta-omrekeningsverskille	927 552	21 363
Addisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	3 241 018	–
Verkryging van filiale	15 770 959	22 960
Verkryging van gesamentlike ondernemings	2 154	104 371
Verkrygings	3 128	435
Oorgedra na nie-bedryfsbates beskikbaar vir verkoop	(70 216)	–
Sluitingsaldo	20 890 479	1 015 884
Opgelope waardedaling		
Openingsaldo	111 533	77 020
Waardedaling	12 381	34 513
Sluitingsaldo	123 914	111 533
Netto boekwaarde	20 766 565	904 351

Die groep het waardedalingsverliese op klandisiewaarde ten bedrae van R12,4 miljoen (2007: R34,5 miljoen) tydens die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2008 erken, weens die feit dat die verhaalbare bedrae van sekere kontantgenererende eenhede minder as hul drawaarde was. Die waardedalingsverliese is ingesluit in "ander netto winste/(verliese)" in die inkomstestaat. Die waardedaling van 2007 sluit 'n bedrag van R27,6 miljoen in wat in die eindigende bedrywighede se resultate ingesluit is. Die verhaalbare bedrae is gegrond op gebruikswaarde-berekening.

Die verandering in die drabedrag van klandisiewaarde op 'n segmentele grondslag vir die jare geëindig 31 Maart 2008 en 31 Maart 2007 is soos volg:

	Elektroniese media			Drukmedia			Totaal R'000
	Betaal- televisie R'000	Internet R'000	Tegnologie R'000	Koerante, tydskrifte en drukkerye R'000	Boeke R'000	Onderwys R'000	
Netto boekwaarde 1 April 2006							
Openingsaldo	370 258	250 902	53 887	77 063	10 056	27 569	789 735
Valuta- omrekeningsverskille	11 482	–	9 881	–	–	–	21 363
Waardedaling	–	–	–	–	(6 944)	(27 569)	(34 513)
Verkryging van filiale	–	2 131	–	10 971	9 858	–	22 960
Verkrygings	–	–	–	–	435	–	435
Verkryging van gesamentlike ondernemings	–	90 262	–	14 109	–	–	104 371
Sluitingsaldo 31 Maart 2007	381 740	343 295	63 768	102 143	13 405	–	904 351

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

5. KLANDISIEWAARDE (vervolg)

	Elektroniese media			Drukmedia		Totaal R'000
	Betaal- televisie R'000	Internet R'000	Tegnologie R'000	Koerante, tydskrifte en drukkerye R'000	Boeke R'000	
Netto boekwaarde 1 April 2007						
Openingsaldo	381 740	343 295	63 768	102 143	13 405	904 351
Valuta-omrekeningsverskille	16 348	836 690	74 463	51	—	927 552
Addisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	3 241 018	—	—	—	—	3 241 018
Verkryging van filiale	54 439	15 261 271	420 552	30 235	4 462	15 770 959
Verkryging van gesamentlike ondernemings	—	—	—	2 154	—	2 154
Verkrygings	—	3 128	—	—	—	3 128
Oorgedra na nie-bedryfsbates beskikbaar vir verkoop	(70 216)	—	—	—	—	(70 216)
Waardedaling	—	(2 596)	—	(9 785)	—	(12 381)
Sluitingsaldo 31 Maart 2008	3 623 329	16 441 788	558 783	124 798	17 867	20 766 565

Waardedalingstoetsing van klandisiewaarde

Die groep het sy klandisiewaarde aan verskeie kontantgenererende eenhede toegewys. Die verhaalbare bedrae van hierdie kontantgenererende eenhede is vasgestel deur gebruik te maak van óf 'n berekening van gebruikswaarde óf 'n billike waarde minus verkoopskoste-basis. Die gebruikswaarde is gegrond op verdiskonteerde kontantvloei-berekeninge. Die groep grond sy kontantvloei-berekeninge op begrote en geproekteerde inligting van drie tot vyf jaar wat deur senior bestuur en die onderskeie direksies van groepmaatskappye goedgekeur is. Langtermyn- gemiddelde groeikoerse van die onderskeie lande waarin die entiteite bedrywig is, is gebruik om die toekomstige kontantvloei te ekstrapoleer. Waar billike waardes gebruik is om verhaalbare bedrae te bereken, is dit gegrond op openbare verhandelbare markpryse. Die groep het klandisiewaarde aan die volgende groepe kontantgenererende eenhede toegewys:

	Netto boek- waarde van klandisiewaarde R'000	Basis vir bepaling van verhaalbare bedrag	Verdiskon- teringskoers toegepas	Groeikoers gebruik om kontantvloei te ekstrapoleer
Groepe van kontantgenererende eenhede				
Tradus plc.	14 825 334	Gebruikswaarde	8,1% – 14,8%	1,0% – 7,1%
Elektroniese Medianetwerk Beperk en SuperSport Internasionaal Beherend Beperk	3 568 887	Gebruikswaarde	19,4%	4,0%
Gadu-Gadu S.A.	897 626	Gebruikswaarde	9,7%	5,5%
Cloakware Inc.	269 655	Gebruikswaarde	12,7%	1,5%
M-Web Beherend (Eiendoms) Beperk	252 015	Gebruikswaarde	19,4%	4,0%
AFSAT Communications Limited	247 922	Gebruikswaarde	23,0%	4,0%
Dayport Inc.	158 461	Gebruikswaarde	22,5%	4,0%
Moonfish Media OÜ	126 614	Gebruikswaarde	15,0%	3,0%
MXit Lifestyle (Eiendoms) Beperk	90 262	Gebruikswaarde	20,2%	4,0%
Irdeto Access B.V.	71 115	Gebruikswaarde	12,0%	2,5%
IDWay S.A.S.	59 551	Gebruikswaarde	12,0%	2,5%
Smart Village (Eiendoms) Beperk	54 439	Gebruikswaarde	22,0%	5,0%
Paarl Media Beherend (Eiendoms) Beperk	34 669	Gebruikswaarde	13,5%	4,0%
Strika Entertainment (Eiendoms) Beperk	28 898	Gebruikswaarde	13,5%	4,0%
Boland Koerante (Eiendoms) Beperk	23 581	Gebruikswaarde	12,0%	5,0%
The Natal Witness Printing and Publishing Company (Eiendoms) Beperk	14 370	Gebruikswaarde	13,5%	4,0%
Alienroc Bemaking en Opleiding (Eiendoms) Beperk	9 859	Gebruikswaarde	12,0%	5,3%
Democratic Media Holdings (Proprietary) Limited	9 616	Gebruikswaarde	12,0%	4,0%
Verkeie ander eenhede	23 691	Gebruikswaarde	Verskeie	Verskeie

20 766 565

6. ANDER ONTASBARE BATES

	31 Maart 2007				
	Intellektuele eiendomsregte en patente	Intekenaar- basis	Handels- name en titelregte	Program- matuur	Totaal 2007
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Kosprys					
Openingsaldo 1 April 2006	145 383	227 727	209 494	140 185	722 789
Verkryging van belang in gesamentlike ondernemings	33 196	483	3 560	1 220	38 459
Valuta-omrekeningsverskille	24 132	72 672	3	108	96 915
Verkryging van filiale	8 094	234 768	18 094	2 726	263 682
Vervreemding van filiale	–	–	–	(896)	(896)
Verkrygings	1 530	3 907	2 707	70 431	78 575
Hertoewysings	6 129	(42 007)	8 655	27 223	–
Vervreemdings	–	–	(845)	(28 794)	(29 639)
Onvoltooide werk	3 530	–	3	9 361	12 894
Sluitingsaldo 31 Maart 2007	221 994	497 550	241 671	221 564	1 182 779
Opgelope amortisasie					
Openingsaldo 1 April 2006	93 080	54 586	153 648	52 026	353 340
Valuta-omrekeningsverskille	23 580	3 157	3	3	26 743
Waardedaling	–	–	200	2 932	3 132
Verkryging van filiale	4 905	–	327	2 381	7 613
Vervreemding van filiale	–	–	–	(862)	(862)
Hertoewysings	12 785	(38 081)	8 419	16 877	–
Vervreemdings	–	–	(707)	(26 052)	(26 759)
Amortisasie	18 752	99 453	12 344	42 348	172 897
Sluitingsaldo 31 Maart 2007	153 102	119 115	174 234	89 653	536 104
Netto boekwaarde	68 892	378 435	67 437	131 911	646 675

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

6. ANDER ONTASBARE BATES (vervolg)

	31 Maart 2008					
	Intellektuele eiendomsregte en patente R'000	Intekenaar- basis R'000	Handels- name en titelregte R'000	Konsessie- regte R'000	Program- matuur R'000	Totaal 2008 R'000
Kosprys						
Openingsaldo 1 April 2007	221 994	497 550	241 671	—	221 564	1 182 779
Verkryging van belang in gesamentlike ondernemings	—	—	2 075	—	—	2 075
Valuta-omrekeningsverskille	95 482	108 889	67 873	1 394	3 786	277 424
Addisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	—	216 100	1 098 084	—	11 836	1 326 020
Oorgedra na nie-bedryfsbates beskikbaar vir verkoop	(57 661)	—	—	—	—	(57 661)
Verkryging van filiale	360 031	634 376	243 802	9 598	215 139	1 462 946
Vervreemding van filiale	(1 500)	—	—	—	(33 649)	(35 149)
Verkrygings	5 018	9 200	—	—	57 631	71 849
Hertoewysings	78 311	(80 184)	—	—	1 873	—
Vervreemdings	(467)	(7 981)	(1 743)	—	(13 256)	(23 447)
Sluitingsaldo 31 Maart 2008	701 208	1 377 950	1 651 762	10 992	464 924	4 206 836
Onvoltooide werk 31 Maart 2008						81 805
Totale kosprys						4 288 641
Opgelope amortisasie						
Openingsaldo 1 April 2007	153 102	119 115	174 234	—	89 653	536 104
Valuta-omrekeningsverskille	21 389	12 786	2 649	—	2 343	39 167
Waardedaling	90	—	5 222	—	2 523	7 835
Addisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	—	—	3 599	—	3 580	7 179
Oorgedra na nie-bedryfsbates beskikbaar vir verkoop	(49 374)	—	—	—	—	(49 374)
Verkryging van filiale	—	—	—	—	85	85
Vervreemding van filiale	(708)	—	—	—	(22 133)	(22 841)
Hertoewysings	34	358	(650)	—	258	—
Vervreemdings	(467)	(7 447)	(852)	—	(14 679)	(23 445)
Amortisasie van voortgesette bedrywighede	39 065	235 748	45 904	309	53 947	374 973
Amortisasie van eindigende bedrywighede	1 044	—	—	—	1 661	2 705
Sluitingsaldo 31 Maart 2008	164 175	360 560	230 106	309	117 238	872 388
Netto boekwaarde	537 033	1 017 390	1 421 656	10 683	347 686	3 416 253

Die groep het waardedalingsverliese op ander ontasbare bates ten bedrae van R7,8 miljoen (2007: R3,1 miljoen) gedurende die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2008 erken, weens die feit dat die verhaalbare bedrae van sekere kontantgenererende eenhede laer as hul drawaarde was. Die waardedalingsverliese is ingesluit in "Ander netto winste/(verliese)" in die inkomstestaat. Die verhaalbare bedrae is gegrond op berekening van gebruikswaardes met verdiskonteringskoerse gelykstaande aan dié wat in die berekening van die waardedaling ten opsigte van klандisiewaarde gebruik is.

Kragtens IAS 8 is 'n raming van die verwagte toekomstige voordele uit ander ontasbare bates gemaak. Gegrond op die mees onlangs beskikbare en betroubare inligting was daar 'n verandering in die geskatte lewensduur en reswaarde, wat 'n afname in amortisasie van R2,3 miljoen (2007: afname van R1,9 miljoen) tot gevolg gehad het.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
7. BELEGGINGS EN LENINGS		
Beleggings in geassosieerde maatskappye		
Genoteer	2 281 974	1 543 017
Ongenoteer	6 756 037	4 731 594
Totale beleggings in geassosieerde maatskappye	9 038 011	6 274 611
Beleggings en lenings		
Lenings aan verwante partye		
Ongenoteer	64 558	22 206
Teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies-beleggings		
Ongenoteer	—	33 942
Lenings en debiteure		
Ongenoteer	3 406 792	3 334 472
Totale beleggings en lenings	3 471 350	3 390 620
Beleggings geklassifiseer op die balansstaat		
Nie-bedryfsbates	3 469 350	3 388 620
Bedryfsbates	2 000	2 000
	3 471 350	3 390 620

Die markwaarde van die groep se genoteerde beleggings soos op 31 Maart 2008 het R29,3 miljard (2007: R15,1 miljard) beloop. Tencent Holdings Limited het R29,2 miljard (2007: R15 miljard) bygedra, en Beijing Media Corporation Limited R83,9 miljoen (2007: R160,0 miljoen). Die waardasie van die totale ongenoteerde beleggings en lenings, soos goedgekeur deur die onderskeie direkteure van die maatskappye in die groep, beloop R10,2 miljard (2007: R8,1 miljard).

Gedurende die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2007 het Naspers 'n breedgebaseerde SEB-eienaarskapsinisiatief van stapel gestuur. Dit behels 'n openbare aanbod van gewone aandele aan kwalifiserende swart individue en swart groepe in die uitgereikte aandeelkapitaal van Welkom Yizani Beleggings Beperk ("Welkom Yizani"), wat gewone aandele in Media24 Beherend (Eiendoms) Beperk hou. Terselfdertyd kry Phuthuma Nathi Beleggings Beperk ("Phuthuma Nathi") gewone aandele in MultiChoice Suid-Afrika Beherend (Eiendoms) Beperk. SEB-deelnemers finansier 20% van die transaksie met kontant en die oorblywende 80% is gefinansier deur die uitreiking van voorkeuraandele aan Naspers Beperk en MIH Beherend Beperk. Hierdie voorkeuraandele is veranderlikekoers-, kumulatiewe, aflosbare voorkeuraandele en word geklassifiseer as lenings en debiteure. Die drabedrae is onderskeidelik R641,2 miljoen (2007: R599,6 miljoen) vir Welkom Yizani en R2,9 miljard (2007: R2,8 miljard) vir Phuthuma Nathi op 31 Maart 2008. Voorkeur-dividende word bereken teen 'n koers van 75% van die prima uitleenkoers. Phuthuma Nathi-aandelehouers se belang het gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2008 van 22,5% na 20,0% gedaal weens die groep se addisionele belang wat in M-Net en SuperSport verkry is.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

7. BELEGGINGS EN LENINGS (vervolg)

Die volgende inligting hou verband met Naspers Beperk se finansiële belang in beduidende filiale waarin die groep beherende stemreg het deur middel van 'n direkte of indirekte belang in die onderskeie intermediêre beheermaatskappye en ander entiteite:

Naam van filiaal	Effektiewe persentasie-belang*		Aard van bedrywighede	Land van inkorporasie	Funksionele geldeenheid	D of I
	2008 %	2007 %				
GENOTEERDE MAATSKAPPYE						
MultiChoice (Cyprus) Public Company Limited	30,8	30,8	Subskripsietelevisie	Cyprus	CYP	I
Gadu-Gadu S.A.	97,0	—	Kitsboodskapdienste	Pole	PLN	I
ONGENOTEERDE MAATSKAPPYE						
Media24 Beherend (Eiendoms) Beperk	85,0	85,0	Drukmedia	Suid-Afrika	ZAR	D
Paarl Media Beherend (Eiendoms) Beperk	80,5	78,3	Drukweise	Suid-Afrika	ZAR	I
Touchline Media (Eiendoms) Beperk	85,0	85,0	Uitgewer van tydskrifte	Suid-Afrika	ZAR	I
Boland Koerante (Eiendoms) Beperk	63,8	63,8	Uitgewer van koerante	Suid-Afrika	ZAR	I
Via Afrika Beperk	85,0	85,0	Boekuitgewery	Suid-Afrika	ZAR	I
Educor Beherend Beperk	—	85,0	Private onderwys	Suid-Afrika	ZAR	I
MIH Beherend Beperk	100,0	100,0	Beleggingsbeheer	Suid-Afrika	ZAR	D
MultiChoice Suid-Afrika Beherend (Eiendoms) Beperk	80,0	77,5	Subskripsietelevisie	Suid-Afrika	ZAR	I
M-Web Beherend (Eiendoms) Beperk	80,0	77,5	Internet-diensverskaffer	Suid-Afrika	ZAR	I
				Britse Maagde-eilande	VSD	I
MIH (Mauritius) Limited	100,0	100,0	Beleggingsbeheer	Nederland	EUR	I
MIH B.V.	100,0	100,0	Beleggingsbeheer	Mauritius	VSD	I
MultiChoice Africa Limited	100,0	100,0	Beleggingsbeheer	Nederland	EUR	I
NetMed NV	87,5	87,5	Beleggingsbeheer	Nederland	EUR	I
NetMed Hellas SA	87,5	87,5	Subskripsietelevisie	Griekeland	EUR	I
MultiChoice Hellas SA	35,0	35,0	Subskripsietelevisie	Griekeland	EUR	I
Entriq Inc.	100,0	100,0	Tegnologie-ontwikkeling	VSA	VSD	I
Irdeto Access B.V.	100,0	100,0	Tegnologie-ontwikkeling	Nederland	VSD	I
M-Web (Thailand) Limited	100,0	100,0	Internet-diensverskaffer	Thailand	THB	I
MultiChoice Holdings (Cyprus) Limited	60,4	60,4	Beleggingsbeheer	Cyprus	CYP	I
Elektroniese Medianetwerk Beperk	80,0	—	Betaal-TV-inhoudverskaffer	Suid-Afrika	ZAR	I
SuperSport Internasionaal Beherend Beperk ⁽¹⁾	80,0	—	Betaal-TV-inhoudverskaffer	Suid-Afrika	ZAR	I
			Internet-handelsplatform-voorsiener	Verenigde Koninkryk	GBP	I
Tradus plc.	100,0	—				

D – Direkte belang

I – Gesamentlike direkte en indirekte effektiewe belang

* – Die effektiewe persentasiebelang aangedui is die finansiële belang, ná aanpassing vir die belang van die groep se ekwiteitvergoedingskemas wat as tesourie-aandeel gehanteer word.

(1) – Die groep het in November 2007 die oorblywende aandeel in M-Net en SuperSport (wat as gesamentlike ondernemings verantwoord was) verkry, en hierdie beleggings word vanaf 1 Desember 2007 as filiale verantwoord.

Aantekening – 'n Register met die aantal en klas aandeel in alle beleggings gehou as filiale, is by die groep se geregistreerde kantoor beskikbaar vir inspeksie.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

7. BELEGGINGS EN LENINGS (vervolg)

Die volgende inligting hou verband met Naspers Beperk se finansiële belang in beduidende gesamentlike ondernemings waarin die groep gesamentlike beheer het deur middel van 'n direkte of indirekte belang in onderskeie intermediêre en ander entiteite:

Naam van gesamentlike onderneming	Effektiewe persentasie-belang*		Aard van bedrywighede	Land van inkorporasie	Funksionele geldeenheid	D of I
	2008 %	2007 %				
ONGENOTEERDE MAATKAPPYE						
Elektroniese Medianetwerk Beperk ⁽¹⁾	—	60,1	Betaal-TV-inhoudverskaffer	Suid-Afrika	ZAR	I
SuperSport Internasionaal Beherend Beperk ⁽¹⁾	—	60,1	Betaal-TV-inhoudverskaffer	Suid-Afrika	ZAR	I
MultiChoice Supplies (Eiendoms) Beperk	40,0	38,8	Verhuring van dekodeerders	Suid-Afrika	ZAR	I
Myriad International Programming Services B.V.	80,0	80,0	Program- en rolprentregte	Nederland	EUR	I
The Natal Witness Printing and Publishing Company (Eiendoms) Beperk	42,5	42,5	Koerantuitgewer en -drukker	Suid-Afrika	ZAR	I
MXit Lifestyle (Eiendoms) Beperk	24,4	23,6	Kitsboodskapdienste	Suid-Afrika	ZAR	I

D – Direkte belang

I – Gesamentlike direkte en indirekte effektiewe belang

* – Die effektiewe persentasiebelang aangedui is die finansiële belang, ná aanpassing vir die belang van die groep se ekwiteitvergoedingskemas wat as tesourie-aandeel gehanteer word.

(1) – Die groep het in November 2007 die oorblywende aandeel in M-Net en SuperSport (wat as gesamentlike ondernemings verantwoord was) verkry, en hierdie beleggings word vanaf 1 Desember 2007 as filiale verantwoord.

Aantekening – 'n Register met die aantal en klas aandeel in alle beleggings gehou as gesamentlike ondernemings, is by die groep se geregistreerde kantoor beskikbaar vir inspeksie.

Addisionele gesamentlike-onderneming-openbaarmaking

Die groep se effektiewe belang in die gekombineerde en opgesomde balansstate en inkomstestate van die gesamentlike ondernemings soos in hul finansiële state vervat, is soos volg:

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
Balansstaat-inligting		
Nie-bedryfsbates	261 223	402 472
Bedryfsbates	217 149	1 265 357
<i>Totale bates</i>	478 372	1 667 829
Nie-bedryfslaste	98 649	77 053
Bedryfslaste	398 251	869 385
Totale laste	496 900	946 438
Totale aandeelhouersbelang	(18 528)	721 391
<i>Totale ekwiteit en laste</i>	478 372	1 667 829
Inkomstestaats-inligting		
Omset	3 571 257	2 727 357
Netto wins	584 491	481 783

Aantekening – Die balansstaat-inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 sluit M-Net en SuperSport uit, terwyl die inkomstestaats-inligting 60,12% van die bedryfsresultate van M-Net en SuperSport vir die agt-maande-tydperk tot 30 November 2007 insluit.

Die groep se belang in gesamentlike ondernemings se kapitaalverpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede op 31 Maart 2008 beloop onderskeidelik R47,7 miljoen (2007: R96,0 miljoen) en R28,7 miljoen (2007: R17,4 miljoen).

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

7. BELEGGINGS EN LENINGS (vervolg)

Die volgende inligting hou verband met Naspers Beperk se finansiële belang in beduidende geassosieerde maatskappye:

Naam van geassosieerde maatskappy	Effektiewe persentasie-belang*		Aard van bedrywighede	Land van inkorporasie	Funksionele geldeenheid	D of I
	2008 %	2007 %				
GENOTEERDE MAATSKAPPYE						
Tencent Holdings Limited	35,2	35,5	Kitsboodskapdienste	China	CNY	I
Beijing Media Corporation Limited	9,9	9,9	Drukmedia, advertensies en verwante dienste	China	HKD	I
ONGENOTEERDE MAATSKAPPYE						
Abril S.A.	30,0	30,0	Drukmedia, betaaltelevisie en opvoedkundige boeke	Brasilië	BRL	I
Port.ru Inc. (mail.ru)	32,6	30,0	Internet-geassosieerde bedrywighede	VSA	VSD	I
MIH Tixa (BVI) Limited	25,0	25,0	Internet-geassosieerde bedrywighede	China	CNY	I
MFD Mobiles FD GmbH	37,5	–	Mobiele televisie	Duitsland	EUR	I
Nimbuzz B.V.	25,0	–	Internet-geassosieerde bedrywighede	Nederland	EUR	I
ACL Wireless Limited	30,0	–	Internet-geassosieerde bedrywighede	Indië	INR	I
Vrystaat Cheetahs (Eiendoms) Beperk	24,5	14,7	Professionele rugbyspan	Suid-Afrika	ZAR	I
Natal Sharks (Eiendoms) Beperk	40,0	24,0	Professionele rugbyspan	Suid-Afrika	ZAR	I
Hunan Titan Culture Exchange Company Limited	37,4	20,2	Drukmedia	China	CNY	I

I – Gesamentlike direkte en indirekte effektiewe belang

* – Die effektiewe persentasiebelang aangedui is die finansiële belang, ná aanpassing vir die belang van die groep se ekwiteitvergoedingskemas wat as tesourie-aandele gehanteer word.

Aantekening – 'n Register met die aantal en klas aandele in alle beleggings gehou as geassosieerde maatskappye is by die groep se geregisteerde kantoor beskikbaar vir inspeksie.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
7. BELEGGINGS EN LENINGS (vervolg)		
Beleggings in geassosieerde maatskappye		
Openingsaldo	6 274 611	1 222 332
Geassosieerde maatskappye bekom – bruto vergoeding	559 660	4 538 392
Netto bates verkry	137 052	(971 833)
Klandisiewaarde en ontasbare bates erken	456 625	6 375 448
Uitgestelde belasting erken	(37 318)	(871 545)
Ander	3 301	6 322
Geassosieerde maatskappye verkoop	(21 790)	(181)
Deel van huidige jaar se reserwebewegings	–	46 960
Aandeel in ekwiteitsverantwoorde resultate	1 913 101	420 248
Netto inkomste voor amortisasie	1 107 856	451 396
Netto verlies voor amortisasie	(58 716)	(7 719)
Amortisasie/waardedaling by geassosieerdes	(217)	(6 785)
Wins uit eindigende bedrywighede	567 569	31 128
Wins met beëindiging van bedrywighede	582 097	–
Belasting	(285 488)	(47 772)
Ekwiteitsverantwoorde resultate deur middel van aankoopmetode	(1 234 304)	(81 620)
Amortisasie van ander ontasbare bates	(350 312)	(128 311)
Realisasie van ander ontasbare bates met verkoop van eindigende bedrywigheid	(920 586)	–
Realisasie van klandisiewaarde met verkoop van eindigende bedrywigheid	(397 678)	–
Realisasie van uitgestelde belasting	434 272	46 691
Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings	(278 667)	(175 648)
Dividende ontvang	(92 915)	(48 716)
Valuta-omrekeningsverskille	1 942 740	399 434
Verwaterde verlies	(24 425)	(46 590)
Sluitingsaldo	9 038 011	6 274 611

Die groep het R654,4 miljoen (2007: R338,6 miljoen) as sy aandeel in ekwiteitsverantwoorde resultate in die inkomstestaat erken. Die groep het waardedalingsverliese op ekwiteitsverantwoorde beleggings van R278,7 miljoen (2007: R175,6 miljoen) gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2008 erken. Dit is toeskryfbaar aan die feit dat die verhaalbare bedrae van sekere beleggings laer is as hul drawaardes. Die waardedalings is in die inkomstestaat ingesluit in "Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings". Ingesluit in die totale waardedalingsverlies is 'n bedrag vir die genoteerde Beijing Media Corporation Limited van R112,4 miljoen (2007: R149,9 miljoen) wat op die laagste verhandelde aandeelpryse gedurende die drie-maande-tydperk voor jaareinde gegrond is. Die verhaalbare bedrae van ander ongenoteerde beleggings is gegrond op gebruikswaarde-berekeninge met verdiskonteringskoerse wat vergelykbaar is met dié wat gebruik is om die waardedaling van klandisiewaarde te bepaal.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
7. BELEGGINGS EN LENINGS (vervolg)		
Addisionele geassosieerde openbaarmaking		
Die gekombineerde en opgesomde balansstate en inkomstestate van die geassosieerde maatskappye soos in hul jaarlikse finansiële state vervat, is soos volg:		
Balansstaat		
Nie-bedryfsbates	6 528 363	4 415 938
Bedryfsbates	15 696 531	8 499 390
<i>Totale bates</i>	22 224 894	12 915 328
Nie-bedryfslaste	6 823 991	4 696 679
Bedryfslaste	7 164 239	6 392 730
<i>Totale laste</i>	13 988 230	11 089 409
<i>Totale aandeelhoudersbelang</i>	8 236 664	1 825 919
<i>Totale ekwiteit en laste</i>	22 224 894	12 915 328
Inkomstestaat		
Omset	14 793 718	9 007 891
Bedryfswins	3 272 695	1 934 567
Netto wins	5 950 021	1 276 781

Die volgende entiteite word van konsolidasie uitgesluit as gevolg van nie-wesenskaplike bedrywighede, al is die persentasie aandeelhouding daarin meer as 50%:

Naam van entiteit	Effektiewe persentasiebelang	Land van inkorporasie
M-Web Zimbabwe (Proprietary) Limited	70,0	Zimbabwe
Betung Cable (China) Limited	100,0	Hongkong
Mkungumanga Limited	50,0	Kenia
Digital Mobile TV Company Limited	50,0	Kenia
International Co-Productions (Eiendoms) Beperk	100,0	Suid-Afrika
M-Net Intelprop Limited	100,0	Mauritius

Die volgende entiteite word gekonsolideer al is die persentasie-eienaarskap minder as 50%, as gevolg van beheer uitgeoefen deur aandeelhoudersooreenkomste. Hierdie soort entiteite, wat nou gekonsolideer word, word normaalweg as geassosieerde maatskappye verantwoord:

Naam van entiteit	Effektiewe persentasiebelang	Land van inkorporasie
MultiChoice Namibia (Proprietary) Limited	49,0	Suid-Afrika
Details Nigeria Limited	49,0	Nigerië
MultiChoice Hellas SA	35,0	Griekeland
MultiChoice (Cyprus) Public Company Limited	30,8	Ciprus

Die volgende entiteit word as 'n geassosieerde maatskappy verantwoord, al is die persentasie-aandeelhouding daarin minder as 20%, aangesien beduidende invloed verkry is deur samewerkingsooreenkomste, direksieverteenwoordiging en die plasing van sleutelpersoneel:

Naam van entiteit	Effektiewe persentasiebelang	Land van inkorporasie
Beijing Media Corporation Limited	9,9	China

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
7. BELEGGINGS EN LENINGS (vervolg)		
Lenings aan verwante partye		
Uppercase Media (Eiendoms) Beperk	Aantekeninge [a] 20 637	10 264
Mobile 3.0 GmbH	[a] 8 487	–
MFD Mobiles FD GmbH	[a] 7 972	–
Natal Witness Printing and Publishing Company (Eiendoms) Beperk	[a] 5 000	5 000
Ndalo Media (Eiendoms) Beperk	[a] 5 608	–
Digital Mobile Television (Eiendoms) Beperk	[a] 10 000	–
Verskeie ander verwante partye	[a] 6 854	6 942
<i>Totale lenings aan verwante partye</i>	64 558	22 206
Teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies-beleggings		
Sanlam Alternatiewe Inkomstefonds	–	33 942
<i>Totale teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies-beleggings</i>	–	33 942
Lenings en debiteure		
Thebe Scitech (Proprietary) Limited	9 000	11 000
Welkom Yizani-voorkeuraandeel	641 280	599 600
Phuthuma Nathi-voorkeuraandeel	2 911 994	2 752 705
Uitkeerpolis vir mediese verpligting	45 482	34 763
Ander	–	4 709
<i>Totale lenings en debiteure</i>	3 607 756	3 402 777
Korttermyn- opgelope dividende op voorkeuraandeel	(200 964)	(68 305)
<i>Langtermyn-gedeelte van lenings en debiteure uitgesluit opgelope voorkeurd dividende</i>	3 406 792	3 334 472
Totale beleggings en lenings	3 471 350	3 390 620
[a] Die aard van hierdie verwanteparty-verhoudings is dié van gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye.		
8. PROGRAM- EN ROLPRENTREGTE		
Kosprys		
– programregte	369 456	1 757 702
– rolprentregte	389 276	1 231 948
	758 732	2 989 650
Opgelope amortisasie		
– programregte	(7 774)	(987 516)
– rolprentregte	–	(1 083 651)
	(7 774)	(2 071 167)
Netto boekwaarde		
– programregte	361 682	770 186
– rolprentregte	389 276	148 297
	750 958	918 483
Geklassifiseer op die balansstaat soos volg:		
– nie-bedryfsbates	–	204 002
– bedryfsbates	750 958	714 481
	750 958	918 483

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

9. UITGESTELDE BELASTING

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
Openingsaldo	391 126	335 072
Verkryging van filiale en gesamentlike ondernemings	(357 818)	(13 281)
Vervreemding van filiale en gesamentlike ondernemings	(1 266)	(3 536)
Erken in inkomstestaat	86 055	33 769
Erken in ekwiteit	(311 558)	(9 258)
Addisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	(162 216)	–
Oorgedra na beskikbaar vir verkoop	(149 007)	–
Valuta-omrekeningsverskille	(9 581)	48 360
Sluitingsaldo	(514 265)	391 126

Die volgende items het die bewegings in uitgesteldebelasting-bates en -laste teweeggebring:

	1 April 2007 R'000	Erken in inkomstestaat R'000	Erken in ekwiteit R'000
Uitgesteldebelaasting-bates			
Eiendom, aanleg en toerusting	32 231	5 491	–
Ontasbare bates	30 962	1 940	–
Debiteure en ander bedryfsbates	58 349	32 913	–
Voorsienings en ander bedryfslaste	287 094	(17 209)	–
Gekapitaliseerde bruikhuur	223 381	(94 679)	–
Program- en rolprentregte	38 010	6 603	–
Vooruitontvang inkomste	128 789	13 241	–
Belastingverlies oorgedra	961 332	(80 508)	–
SBM-krediete	580 754	(177 164)	–
Aandeelgebaseerde vergoeding	10 683	80 976	–
Kapitaalwinsbelasting-krediete met kapitaalverliese	–	90 487	–
Ander	(1 197)	4 116	(2 889)
	2 350 388	(133 793)	(2 889)
Waardasie-aanpassing	1 434 210	(105 753)	–
	916 178	(28 040)	(2 889)
Uitgesteldebelaasting-laste			
Eiendom, aanleg en toerusting	244 737	39 163	–
Ontasbare bates	53 008	(67 820)	226 205
Debiteure en ander bedryfsbates	60 437	(21 757)	–
Voorsienings en ander bedryfslaste	3 152	(487)	–
Gekapitaliseerde bruikhuur	134 912	(87 390)	–
Afgeleide finansiële instrumente	8 775	34 037	–
Verskansingsreserwe	7 253	–	82 464
Program- en rolprentregte	3 541	(3 354)	–
Ander	9 237	(6 487)	–
	525 052	(114 095)	308 669
Netto uitgestelde belasting	391 126	86 055	(311 558)

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

Verkryging van filiale en gesamentlike ondernemings R'000	Vervreemding van filiale en gesamentlike ondernemings R'000	Valuta-omrekenings-verskille R'000	Oorgedra na beskikbaar vir verkoop R'000	Addisionele belang in M-Net en SuperSport verkry R'000	31 Maart 2008 R'000
3	(30 333)	(413)	9 198	228	16 405
(10 849)	(8 069)	(123)	2 678	241	16 780
3 869	(149)	16 926	(91 586)	120	20 442
298	(10 925)	16 044	(48 029)	21 622	248 895
–	(1 911)	1 391	(13 233)	–	114 949
–	–	11 293	(52 805)	–	3 101
–	(1 596)	11 510	(54 556)	59	97 447
88 994	(58 807)	132 427	(43 411)	36	1 000 063
–	–	–	–	–	403 590
–	–	–	–	–	91 659
–	–	–	–	–	90 487
851	–	1 442	–	2 264	4 587
83 166	(111 790)	190 497	(291 744)	24 570	2 108 405
68 793	(110 522)	118 479	(143 265)	–	1 261 942
14 373	(1 268)	72 018	(148 479)	24 570	846 463
588	–	2 049	(73)	2 838	289 302
336 954	–	52 778	601	151 955	753 681
(69)	(2)	(12)	–	994	39 591
–	–	–	–	–	2 665
–	–	–	–	–	47 522
–	–	–	–	–	42 812
34 718	–	207	–	4 682	129 324
–	–	–	–	26 317	26 504
–	–	26 577	–	–	29 327
372 191	(2)	81 599	528	186 786	1 360 728
(357 818)	(1 266)	(9 581)	(149 007)	(162 216)	(514 265)

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

9. UITGESTELDE BELASTING (vervolg)

Vanweë die tydsbeperkinge om beskikbare belastingverliese te kan benut, of as gevolg van die onsekerheid oor die benutting van SBM-krediete, het bestuur 'n waardasie-aanpassing teen die netto uitgesteldebelaasting-bates gemaak, aangesien hulle nie verwag dat al die uitgesteldebelaasting-bates in die nabye toekoms sal realiseer nie. Verdere waardasie-aanpassings is ook gemaak waar dit onseker is of toekomstige belasbare winste beskikbaar sal wees om onbenutte belastingverliese en tydelike verskille te benut.

	Suid-Afrika R'000	Res van Afrika R'000	Thailand R'000	Europa R'000	VSA R'000	Ander R'000	Totaal R'000
Waardasie-aanpassing	523 316	29 752	20 598	24 790	527 588	135 898	1 261 942

Die groep het belastingverliese wat oorgedra kan word na toekomstige jare van ongeveer R2 926,0 miljoen (2007: R2 687,7 miljoen). 'n Opsomming van sodanige belastingverliese op 31 Maart 2008 per belastingjurisdiksie en vervaldatums word hieronder aangetoon:

	Suid-Afrika R'000	Res van Afrika R'000	Thailand R'000	Europa R'000	VSA R'000	Ander R'000	Totaal R'000
Verval in jaar een	–	–	11 527	–	–	596	12 123
Verval in jaar twee	–	8 886	8 725	–	–	7 563	25 174
Verval in jaar drie	–	8 449	7	–	–	8 544	17 000
Verval in jaar vier	–	3 289	7	43 367	–	–	46 663
Verval in jaar vyf	–	–	332	–	–	–	332
Verval ná jaar vyf	853 619	13 290	–	53 704	1 519 785	384 305	2 824 703
	853 619	33 914	20 598	97 071	1 519 785	401 008	2 925 995

Die uiteindelige uitslag van belastingaanslae kan van die bedrae voorsien verskil. Bestuur glo dat enige addisionele belastinglaste bo en behalwe die bedrag voorsien, geen wesentliche nadelige uitwerking op die groep se inkomstestaat of balansstaat behoort te hê nie.

Uitgesteldebelaasting-bates en -laste word netto getoon indien die inkomstebelasting betrekking het op dieselfde fiskale owerheid en 'n wetlike reg bestaan om te verreken met betaling. Die volgende bedrae word getoon op die gekonsolideerde balansstate:

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
Klassifikasie op balansstaat		
Uitgesteldebelaasting-bates	465 969	506 164
Uitgesteldebelaasting-laste	(980 234)	(115 038)
Netto uitgesteldebelaasting-(laste)/bates	(514 265)	391 126

Die groep het R85,4 miljoen uitgestelde belasting (2007: R9,3 miljoen) teen ekwiteit te boek gestel as gevolg van die veranderinge in die billike waarde van afgeleide finansiële instrumente waar die toekomstige transaksies of verbintenisse nie 'n bate of las tot gevolg gehad het nie. Met die addisionele belang wat in M-Net en SuperSport verkry is, is 'n bedrag van R226,2 miljoen (2007: Rnul) teen ekwiteit te boek gestel na aanleiding van die billikewaarde-aanpassing wat gemaak is aan ontasbare bates.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
10. VOORRAAD		
Drabedrag		
Grondstowwe	262 372	206 077
Klaarprodukte, handelsware en verbruiksware	271 257	325 769
Onvoltooide werk	32 661	32 430
Dekodeerders, internet- en verwante komponente	256 138	302 140
Bruto voorraad	822 428	866 416
Voorsiening vir stadig bewegende en verouderde voorraad	(125 977)	(146 242)
Netto voorraad	696 451	720 174

Die totale voorsienings wat in die inkomstestaat erken is om voorraad na hul netto realiseerbare bedrag af te skryf, beloop R62,9 miljoen (2007: R61,6 miljoen), en terugs krywings van hierdie voorsienings het R14,5 miljoen (2007: R13,0 miljoen) beloop.

11. HANDELSDEBITEURE		
Drabedrag		
Bruto bedrag ontvangbaar	2 390 622	2 263 114
Min: Voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure	(160 686)	(285 727)
	2 229 936	1 977 387

Ingesluit in handelsdebiteure is R1 201,0 miljoen soos op 31 Maart 2008 (2007: R1 189,6 miljoen), met betrekking tot vooruitgefactureerde klante, wat as uitgestelde inkomste erken is (sien aantekening 20). Die groep het handelsdebiteure met 'n drabedrag van R6,4 miljoen op 31 Maart 2008 (2007: R7,3 miljoen) beswaar as sekuriteit teen sekere termynlenings en oortrokke bankrekeninge. Handelsdebiteure van Media24 Koerante ten bedrae van R15,0 miljoen (2007: R16,4 miljoen) is gesedeer ten opsigte van gestruktureerde lenings.

Die beweging in die voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure gedurende die jaar was soos volg:

Voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure		
Openingsaldo	(285 727)	(211 078)
Bykomende voorsiening in die inkomstestaat erken	(121 553)	(86 957)
Voorsienings terugskryf in die inkomstestaat	28 086	23 749
Voorsienings benut	14 002	10 810
Addisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	(3 970)	–
Verkryging van filiale	–	(6 935)
Vervreemding van filiale	117 231	7 487
Oorgedra na nie-bedryfsbates beskikbaar vir verkoop	128 207	–
Valuta-omrekeningsverskille	(37 975)	(22 601)
Ander	1 013	(202)
Sluitingsaldo	(160 686)	(285 727)

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

11. HANDELSDEBITEURE (vervolg)

Die ouderdomsprofiel van handelsdebiteure sowel as die voorsiening per klas word vir al die segmente hieronder aangebied:

	31 Maart 2008					
	Binne betalingsdatum en nie voorsien nie	30 dae en ouer	60 dae en ouer	90 dae en ouer	120 dae en ouer	Totaal
Betaaltelevisie	546 305	233 771	18 685	8 788	52 854	860 403
Voorsiening	–	(36 996)	(6 452)	(3 533)	(14 117)	(61 098)
Totaal	546 305	196 775	12 233	5 255	38 737	799 305
Internet	215 764	37 054	11 744	6 246	14 129	284 937
Voorsiening	–	(24 103)	(5 153)	(4 785)	(9 520)	(43 561)
Totaal	215 764	12 951	6 591	1 461	4 609	241 376
Tegnologie	104 412	23 866	8 629	25 318	65 492	227 717
Voorsiening	–	–	–	(2 179)	(23 007)	(25 186)
Totaal	104 412	23 866	8 629	23 139	42 485	202 531
Koerante, tydskrifte en drukkerye	613 361	164 524	41 181	18 555	46 462	884 083
Voorsiening	–	(739)	(575)	(1 809)	(24 495)	(27 618)
Totaal	613 361	163 785	40 606	16 746	21 967	856 465
Boeke	81 771	10 667	27 423	5 661	7 960	133 482
Voorsiening	–	(9)	(274)	(348)	(2 592)	(3 223)
Totaal	81 771	10 658	27 149	5 313	5 368	130 259
Onderwys	–	–	–	–	–	–
Voorsiening	–	–	–	–	–	–
Totaal	–	–	–	–	–	–
Totaal	1 561 613	469 882	107 662	64 568	186 897	2 390 622
Voorsiening	–	(61 847)	(12 454)	(12 654)	(73 731)	(160 686)
TOTAAL	1 561 613	408 035	95 208	51 914	113 166	2 229 936

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

11. HANDELSDEBITEURE (vervolg)

31 Maart 2007						
	Binne betalings- datum en nie voorsien nie	30 dae en ouer	60 dae en ouer	90 dae en ouer	120 dae en ouer	Totaal
Betaaltelevisie	495 635	67 093	30 912	53 856	111 331	758 827
Voorsiening	–	(18 812)	(10 833)	(12 840)	(97 008)	(139 493)
Totaal	495 635	48 281	20 079	41 016	14 323	619 334
Internet	51 864	9 745	5 275	2 899	9 345	79 128
Voorsiening	–	(8 529)	(2 892)	(1 677)	(8 956)	(22 054)
Totaal	51 864	1 216	2 383	1 222	389	57 074
Tegnologie	48 264	31 177	28 176	6 567	57 817	172 001
Voorsiening	–	–	–	(782)	(16 957)	(17 739)
Totaal	48 264	31 177	28 176	5 785	40 860	154 262
Koerante, tydskrifte en drukkerie	490 833	159 018	29 728	22 083	22 865	724 527
Voorsiening	–	(2 523)	(205)	(6 105)	(4 206)	(13 039)
Totaal	490 833	156 495	29 523	15 978	18 659	711 488
Boeke	93 830	42 699	27 510	16 225	28 377	208 641
Voorsiening	–	(27)	(1 044)	(684)	(4 104)	(5 859)
Totaal	93 830	42 672	26 466	15 541	24 273	202 782
Onderwys	187 462	21 883	11 485	8 667	90 493	319 990
Voorsiening	(8 425)	(10 860)	(2 748)	(2 870)	(62 640)	(87 543)
Totaal	179 037	11 023	8 737	5 797	27 853	232 447
Totaal	1 367 888	331 615	133 086	110 297	320 228	2 263 114
Voorsiening	(8 425)	(40 751)	(17 722)	(24 958)	(193 871)	(285 727)
TOTAAL	1 359 463	290 864	115 364	85 339	126 357	1 977 387

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
12. ANDER DEBITEURE		
Vooruitbetalings en opgelope inkomste	644 201	429 558
Ontvangbaar van minderheidsaandeelhouders	16 207	3 086
Werknemerdebiteure	10 932	13 301
BTW en soortgelyke belasting ontvangbaar	71 371	42 528
Opgelope voorkeurdividende	200 964	68 305
Ander debiteure	327 439	271 383
	1 271 114	828 161

13. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES EN -SALDO'S

Die groep het transaksies aangegaan en het uitstaande saldo's met 'n aantal verwante partye, insluitende geassosieerde maatskappye, gesamentlike ondernemings, direkteure, aandeelhouders en ander entiteite onder gemeenskaplike beheer. Transaksies wat gekanselleer word tydens konsolidasie word nie geopenbaar nie. Die beduidende transaksies en saldo's met verwante partye word hieronder aangedui:

Verkoop van goedere en dienste aan verwante partye	Aantekeninge		
Elektroniese Medianetwerk Beperk	[a]	35 930	46 416
SuperSport Internasionaal Beherend Beperk	[a]	3 027	3 925
Jane Raphaely Et Associates (Eiendoms) Beperk	[b]	16 884	14 219
New Media Publishers (Eiendoms) Beperk	[b]	62 051	47 345
Rodale Et Touchline Publishers (Eiendoms) Beperk	[b]	17 358	14 984
Shape SA (Eiendoms) Beperk	[b]	5 568	4 989
8 Ink Publishing (Eiendoms) Beperk	[b]	8 135	8 142
Uppercase Media (Eiendoms) Beperk	[b]	23 819	25 725
East African Magazines (Proprietary) Limited	[b]	4 551	2 295
Digital Mobile Television (Eiendoms) Beperk	[c]	6 989	–
The Hometrader (Eastern Cape) (Eiendoms) Beperk	[b]	10 136	8 768
Verskeie ander verwante partye	[b]	13 562	3 240
		208 010	180 048

Aantekeninge

[a] Verkoop van goedere en dienste aan M-Net en SuperSport vir die tydperk as gesamentlike ondernemings verantwoord.

[b] Media24 Beperk ontvang inkomste van 'n aantal van sy verwante partye, hoofsaaklik vir die druk en verspreiding van tydskrifte en koerante. Die aard van al hierdie verwante partye is dié van gesamentlike ondernemings en geassosieerdes.

[c] Verkope van transmissietoerusting en perseelverhursings deur MultiChoice Subscriber Management Services (Eiendoms) Beperk aan Digital Mobile Television (Eiendoms) Beperk.

Aankoop van goedere en dienste

Elektroniese Medianetwerk Beperk en SuperSport Internasionaal Beherend Beperk	[a]	1 899 749	2 488 907
New Media Publishers (Eiendoms) Beperk	[b]	5 050	6 419
The Natal Witness Printing and Publishing Company (Eiendoms) Beperk	[b]	8 989	6 657
Lumiere Productions AE	[c]	–	49 892
Verskeie ander	[b]	1 792	383
		1 915 580	2 552 258

Aantekeninge

[a] Kanaal- en programregte gekoop deur MultiChoice Afrika (Eiendoms) Beperk van M-Net en SuperSport vir die tydperk as gesamentlike ondernemings verantwoord.

[b] Media24 Beperk koop goedere en dienste van 'n aantal van sy verwante partye, hoofsaaklik vir die druk en verspreiding van tydskrifte en koerante. Die aard van al hierdie verwante partye is dié van gesamentlike ondernemings en geassosieerdes.

[c] Tegnieë ondersteuning vir MultiChoice Holdings (Cyprus) Limited se kanale. Lumiere Productions AE is 'n aandeelhouer in NetMed NV.

13. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES EN –SALDO'S (vervolg)

Ander transaksies met verwante partye

Tencent Holdings Limited ("Tencent")

Die groep het 'n aantal intellektuele-eiendom- en kundigheidslisensierings-ooreenkomste met Tencent gesluit. Tencent het op 27 Junie 2002 'n alleenreg aan 'n groepmaatskappy toegeken, waarvolgens hierdie maatskappy en sy geaffilieerdes ("die operateurs"), wat sake doen in Afrika suid van die Sahara (Suid-Afrika ingesluit), Indonesië, Thailand, Griekeland en Ciprus, sekere van Tencent se intellektuele eiendom en kundigheid mag gebruik teen gelde wat bereken word teen 40% van die bruto omset deur die operateurs gegeneer deur die gebruik van hierdie intellektuele eiendom. Die ooreenkoms is geldig vir 15 jaar en verval in 2017.

MIH India Global Internet Limited ("MIH India"), 'n 100%-filiaal van die groep, het 'n ooreenkoms met Tencent gesluit waarvolgens Tencent 'n lisensie aan MIH India en sy filiale toegestaan het om Tencent se tegnologie en inhoud in Indië te gebruik. In ruil daarvoor het MIH India 'n opsie aan Tencent toegestaan om aandele in MIH India te verkry. Die lisensie is vir 'n eksklusiewe tydperk van sewe jaar aan MIH India. Met die verstryking van hierdie periode, bestaan die lisensie voort op 'n nie-eksklusiewe basis. Tencent sal ook addisionele ondersteuningsdienste aan MIH India bied.

MultiChoice Nigeria Limited ("MCN")

Die groep het 'n lening van R30,4 miljoen (2007: R33,9 miljoen) met MCN-minderheidsaandeelhouders wat rente dra teen 10,12%. 'n Waardedalingsafskrywing van R30,4 miljoen (2007: R33,9 miljoen) is gedurende die finansiële jaar teen hierdie lening gemaak, aangesien die uitstaande bedrag nie as verhaalbaar beskou is nie.

Antenna TV ("Antenna")

In vorige jare het NetMed NV sekere kontrakte gesluit met Antenna vir die koop van 'n 5%-belang (plus 'n 10%-opsie) in NetMed NV en vir die reg om drie Antenna-kanale uit te saai. In Oktober 2001 is 'n transaksie met Antenna gesluit vir die koop van 'n 5%-aandeelbelang in NetMed NV vir 'n teenprestasie van ongeveer R94,7 miljoen (VS\$12 miljoen). Twee kanale is uitgesaai in die vorige jaar. Antenna het op 2 Januarie 2006 'n verkoopsopsie uitgeoefen om die bogenoemde aandeel te verkoop aan Myriad International Holdings B.V. teen 'n bedrag gelykstaande aan die billike waarde van elke aandeel. Ná 'n verlengde waardasie- en onderhandelingsproses, het MIH Beherend Bepker die aandele vir 'n koopsom van omtrent R612,0 miljoen op 19 Julie 2006 verkry. Die groep besit nou 87,5% van NetMed NV en Teletypos die oorblywende 12,5%.

Die saldo's van vooruitbetalings, deposito's, debiteure en krediteure tussen die groep en verwante partye is:

		31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
	Aantekeninge		
Bedrae ontvangbaar			
Digital Mobile Television (Eiendoms) Bepker	[c]	83 595	–
Jane Raphaely Et Associates (Eiendoms) Bepker	[b]	4 010	2 540
New Media Publishers (Eiendoms) Bepker	[b]	13 535	10 728
Verskeie ander verwante partye		9 144	6 932
		110 284	20 200
Bedrae verskuldig			
Elektroniese Medianetwerk Bepker	[a]	–	92 261
SuperSport Internasionaal Beherend Bepker	[a]	–	3 278
Rodale Et Touchline Publishers (Eiendoms) Bepker	[b]	2 146	1 912
Uppercase Media (Eiendoms) Bepker	[b]	2 674	4 039
Verskeie ander verwante partye		7 077	6 326
		11 897	107 816

Verwys na aantekening 7 vir langtermyn-lenings aan verwante partye.

Aantekeninge

[a] Kanaal- en programregte gekoop deur MultiChoice Afrika (Eiendoms) Bepker.

[b] Media24 Bepker koop goedere en dienste van 'n aantal van sy verwante partye, hoofsaaklik vir die druk en verspreiding van tydskrifte en koerante. Die aard van al hierdie verwante partye is dié van gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye.

[c] Verkope van transmissietoerusting en perseelverhuring deur MultiChoice Subscriber Management Services (Eiendoms) Bepker aan Digital Mobile Television (Eiendoms) Bepker.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
13. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES EN -SALDO'S (vervolg)		
Direkteursvergoeding		
Uitvoerende direkteure		
Vergoeding ontvang deur uitvoerende direkteure vir ander dienste, betaal deur filiale, het R1,1 miljoen (2007: Rnul) bedra.		
Nie-uitvoerende direkteure		
Vergoeding vir dienste as direkteure	4 483	3 944
Vergoeding vir dienste as direkteure van filiaalmaatskappye	3 617	2 908
	8 100	6 852

Geen direkteur het 'n kennisgewingstydperk van langer as een jaar nie.

Geen direkteur se dienskontrak sluit voorafbepaalde vergoeding by diensbeëindiging van meer as een jaar se salaris en voordele in nie.

Die individuele direkteure het die volgende vergoeding gedurende die afgelope finansiële jaar ontvang:

Uitvoerende direkteure	Salaris R'000	Bonusse en prestasie- verwante gelde R'000	Pensioen- bydraes R'000	Totaal R'000
2008				
S J Z Pacak	2 342	2 400	235	4 977
	2 342	2 400	235	4 977
2007				
J P Bekker	—	—	—	—
S J Z Pacak	2 139	2 400	214	4 753
	2 139	2 400	214	4 753

Nie-uitvoerende direkteure	Komitee- ¹			Komitee- ¹		
	Direkteurs- vergoeding R'000	en trustee- ² vergoeding R'000	Totaal 2008 R'000	Direkteurs- vergoeding R'000	en trustee- ² vergoeding R'000	Totaal 2007 R'000
T Vosloo ^{3,4,5}	2 846	—	2 846	2 629	—	2 629
J J M van Zyl ^{3,5}	796	543	1 339	759	455	1 214
L N Jonker	270	—	270	225	—	225
N P van Heerden ⁴	312	—	312	225	—	225
B J van der Ross	270	—	270	225	19	244
G J Gerwe ^{3,6}	926	95	1 021	670	75	745
H S S Willemse	270	—	270	225	15	240
F du Plessis	270	409	679	225	365	590
T M F Phaswana ³	435	—	435	275	—	275
R C C Jaftha ³	435	223	658	275	190	465
	6 830	1 270	8 100	5 733	1 119	6 852

Aantekeninge aangaande nie-uitvoerende direkteure se vergoeding

Aantekening 1: Komiteevergoeding sluit gelde in vir die bywoning van die audit-, menshulpbronne- en nominasiekomiteevergaderings van die direksie.

Aantekening 2: Trusteevergoeding sluit gelde in vir die bywoning van verskeie aftreefondse-trusteevergaderings van die groep se aftreefondse.

Aantekening 3: Direkteursvergoeding sluit gelde in vir dienste as direkteur van Media24 Beperk.

Aantekening 4: Direkteursvergoeding sluit gelde in vir dienste as direkteur van Via Afrika Beperk.

Aantekening 5: Direkteursvergoeding sluit gelde in vir dienste as direkteur van MIH Beherend Beperk en MIH B.V.

Aantekening 6: Direkteursvergoeding sluit gelde in vir dienste as direkteur van Educor Beherend Beperk.

13. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES EN -SALDO'S (vervolg)

Direkteur se belang in skema-aandele in die Naspers Aandele-aansporingskema

Die uitvoerende direkteure van Naspers mag deelneem aan die Naspers Aandele-aansporingskema. Besonderhede van hul deelname in onuitgereikte skema-aandele soos op 31 Maart 2008 is soos volg:

Naam	Aankoop- datum	Aantal N-aandele	Aankoop- prys	Crystellings- datum
S J Z Pacak	09/09/2004	66 667	R50,00	09/09/2007 – 09/09/2009
	07/08/2006	150 000	R114,52	07/08/2009 – 07/08/2011

Aantekening: Mnr J P Bekker, die uitvoerende hoof, wat op 1 April aangestel is, verdien geen vergoeding van die groep nie. In besonder is geen salaris, bonus, motorvoordele, mediese of pensioenbydraes van welke aard ook al betaalbaar nie. Die uitvoerende hoof se kontrak is vir 'n periode van vyf jaar vanaf 1 April 2008. Geen vergoeding is betaalbaar by diensbeëindiging nie.

Die enigste voordeel wat aan mnr Bekker toegestaan is, bestaan uit 'n aanbod wat op 31 Maart 2008, 'n dag voor hy sy verpligting hervat het, aan hom aangebied is. Dit bestaan uit 'n opsie kragtens die Naspers Beperk Aandeletrust om 11 687 808 Naspers N- gewone aandele te verkry en, soos voorheen, is dit gelyk aan 3% van die maatskappy se uitstaande aandele. Die koopprijs is vasgestel op die sluitingsprys van 'n Naspers N- gewone aandeel soos op 31 Maart 2008, naamlik R141,00, maar dit word verhoog met verwagte inflasie oor die onderskeie vestigingstydperke vir al drie dele. Inflasieverwagtinge is bereken deur die Buro vir Ekonomiese Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch.

Die aanbod is verdeel in drie dele met vestiging wat oor 'n tydperk van vyf jaar plaasvind. Die eerste gedeelte word aan die einde van die derde jaar vrygestel teen 'n koopprijs van R167,23 per aandeel, die tweede 'n jaar later met 'n koopprijs van R176,11 per aandeel en die laaste teen die einde van die vyfde jaar met 'n koopprijs van R185,56 per aandeel. Mnr Bekker het die aanbod aanvaar. Die aard van hierdie belang is 'n direkte, voordelige belang.

Direkteur se belang in die MIH Beherend Aandele-aansporingskema

S J Z Pacak is histories 'n deelnemer aan die MIH Beherend Aandele-aansporingskema. In Desember 2002 het Naspers Beperk al die MIH Beherend- gewone aandele van die MIH Beherend Aandele-aansporingskema bekom in ruil vir Naspers N- gewone aandeel. Deelnemers het hul reg op MIH Beherend-aandele verruil vir Naspers N- gewone aandele. 'n Totaal van 36 901 vrygestelde Naspers N-aandele is op 18 Julie 2007 deur S J Z Pacak verkoop met die betaling van die gemiddelde prys van R14,06 per aandeel (die oorspronklike aanbodpryse soos gegrond op die genoteerde markpryse van Naspers Beperk N- gewone aandele op die datum van aanbod), betaalbaar aan die MIH Beherend Aandele-trust, teen 'n gemiddelde verkoopprijs van R181,04 per Naspers N- gewone aandeel.

'n Totaal van nul (2007: 36 901) Naspers N- gewone aandele is teen 31 Maart 2008 toegeken aan S J Z Pacak.

Direkteure se belang in die MIH (BVI) Limited aandele-aansporingskema

Altesame 300 000 Naspers N-aandele-opsies is op 12 Maart 2008 aan S J Z Pacak aangebied en deur hom aanvaar. Die markprys van Naspers Beperk N- gewone aandeel was teen sluitingstyd op 12 Maart 2008 R138,87 per aandeel. Altesame 384 000 (2007: 84 000) Naspers N- gewone aandele is teen 31 Maart 2008 toegeken aan S J Z Pacak met vestigingstydperke tot en met 12 Maart 2013.

Direkteure se belange in Naspers-aandele

Die direkteure van Naspers het die volgende belange in Naspers A- gewone aandele op 31 Maart 2008:

Naam	31 Maart 2008 Naspers A- gewone aandele				31 Maart 2007 Naspers A- gewone aandele			
	Voordelig		Nie-voordelig		Voordelig		Nie-voordelig	
	Direk	Indirek	Direk	Totaal	Direk	Indirek	Direk	Totaal
J J M van Zyl	745	–	–	745	745	–	–	745

Mnr J P Bekker het 'n indirekte 25%-belang in Wheatfields 221 (Eiendoms) Beperk, wat 168 605 Naspers Beleggings Beperk- gewone aandele, 16 860 500 Keeromstraat 30 Beleggings Beperk- gewone aandele en 133 350 Naspers A-aandele beheer.

Geen ander direkteure van Naspers het enige direkte belang in Naspers A- gewone aandele op 31 Maart 2008 of 31 Maart 2007 nie.

13. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES EN -SALDO'S (vervolg)

Die direkteure van Naspers het die volgende belange in Naspers N- gewone aandele op 31 Maart:

Naam	31 Maart 2008			31 Maart 2007		
	Naspers N- gewone aandele			Naspers N- gewone aandele		
	Voordelig			Voordelig		
	Direk	Indirek	Totaal	Direk	Indirek	Totaal
T Vosloo	25 000	250 000	275 000	25 000	250 000	275 000
S J Z Pacak	59 510	600 881	660 391	94 510	370 233	464 743
J J M van Zyl	50 361	173 793	224 154	50 361	173 793	224 154
L N Jonker ¹	1 000	65 000	66 000	1 000	65 000	66 000
N P van Heerden	—	2 600	2 600	—	1 300	1 300
B J van der Ross	—	—	—	—	—	—
G J Gerwel	—	—	—	—	—	—
H S S Willemse	—	—	—	—	—	—
F du Plessis	—	—	—	—	—	—
T M F Phaswana	3 530	—	3 530	3 530	—	3 530
R C C Jafta	—	—	—	—	—	—
	139 401	1 092 274	1 231 675	174 401	860 326	1 034 727

Aantekening 1: L N Jonker se indirekte belang is geherklassifiseer van nie-voordelig na voordelig. Die vergelykende syfers is dienoreenkomstig aangepas.

Die JSE se gewysigde noteringsvereistes vereis nie die openbaarmaking van nie-voordelige aandeelhoudings nie. Die vorige jaar se openbaarmaking is dienoreenkomstig gewysig.

Mnr J P Bekker is ná jaareinde as direkteur aangestel, met 1 April 2008 as effektiewe datum. Ten tyde van vrystelling van die jaarverslag, het hy die volgende belang in Naspers N- gewone aandele gehou: voordelig nul (direk) en 4 688 691 (indirek). Op 31 Maart 2007 het hy 'n indirekte belang van 6 480 212 Naspers- gewone aandele gehad.

Daar was geen verandering aan hierdie belang tussen die einde van die finansiële jaar en 30 Junie 2008 nie (met uitsondering van die bostaande aantekening aangaande mnr J P Bekker).

Sluutelbestuur se vergoeding en deelname in aandele-aanspingskemas

Vergelykende syfers is nie hersaamgestel vir die verandering in die samestelling van sluutelbestuur nie.

Die totale uitvoerende direkteurs- en sluutelbestuursvergoeding het R153,7 miljoen (2007: R122,0 miljoen) bedra, wat uit die volgende items bestaan: korttermyn-werknemersvoordele van R91,8 miljoen (2007: R64,0 miljoen), ná-aftredevoordele van R5,4 miljoen (2007: R5,2 miljoen) en aandeelgebaseerde betalings van R56,5 miljoen (2007: R47,7 miljoen). Die totale aantal aandele-opsies toegeken aan die uitvoerende direkteure en sluutelbestuur gedurende 2008 en aantal aandele toegeken aan uitvoerende direkteure en sluutelbestuur soos op 31 Maart 2008 is:

Vir aandele geneoteer op 'n erkende aandelebeurs soos volg: 2 489 161 (2007: 354 093) Naspers N- gewone aandele is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar en 'n totaal van 6 802 438 (2007: 12 450 784) N- gewone aandele is toegeken teen 31 Maart 2008.

Vir aandele in ongenoteerde maatskappye soos volg: nul (2007: nul) Media24 Beperk- gewone aandele is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar, en 'n totaal van 42 768 (2007: 300 681) gewone aandele is toegeken teen 31 Maart 2008; nul (2007: nul) Via Afrika Beperk- gewone aandele is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar en 'n totaal van nul (2007: 192 780) gewone aandele is toegeken teen 31 Maart 2008; 606 (2007: 756) MIH QQ (BVI) Limited- gewone aandele is toegeken gedurende 2008 en 'n totaal van 22 205 (2007: 22 256) aandele is toegeken teen 31 Maart 2008; nul (2007: nul) Irdeto Access B.V.- gewone aandele is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar en 'n totaal van 200 000 (2007: 207 500) gewone aandele is toegeken teen 31 Maart 2008; nul (2007: nul) Paarl Media Beherend (Eiendoms)

Beperk- gewone aandele is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar en 135 000 (2007: 135 000) gewone aandele is toegeken teen 31 Maart 2008; 606 (2007: 756) MIH QQ (BVI) Limited- gewone aandele is toegeken gedurende 2008 en 'n totaal van 22 205 (2007: 22 256) aandele is toegeken teen 31 Maart 2008; nul (2007: nul) Entriq (Mauritius) Limited- gewone aandele is gedurende 2008 toegeken en 'n totaal van 2 100 000 (2007: 2 100 000) is toegeken teen 31 Maart 2008; nul (2007: 310 000) MediaZone Holdings B.V.- gewone aandele is gedurende 2008 toegeken en 310 000 (2007: 310 000) is teen 31 Maart 2008 toegeken; 499 694 (2007: nul) MIH India (Mauritius) Limited- gewone aandele is gedurende 2008 toegeken en 499 694 (2007: nul) is teen 31 Maart 2008 toegeken. 169 755 (2007: nul) MIH Russia Internet B.V.- gewone aandele is gedurende 2008 toegeken en 169 755 (2007: nul) is teen 31 Maart 2008 toegeken.

Vir aandeelwaardersregte (AWRe) in ongenoteerde maatskappye soos volg: 99 404 (2007: 60 606) Media24-AWRe is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar en 'n totaal van 910 510 (2007: 811 106) AWRe is toegeken teen 31 Maart 2008; 230 064 (2007: 25 082) MCA-AWRe is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar, en 'n totaal van 935 258 (2007: 705 194) AWRe is toegeken teen 31 Maart 2008; nul (2007: 238 215) M-Net/SuperSport-AWRe is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar en 'n totaal van 1 434 900 (2007: 1 434 900) AWRe is toegeken teen 31 Maart 2008; 263 005 (2007: 688 668) NetMed NV-AWRe is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar en 'n totaal van 951 673 (2007: 688 668) AWRe is toegeken teen 31 Maart 2008; 4 215 (2007: 121 700) MIH Brazil-AWRe is toegeken gedurende die 2008 finansiële jaar en 'n totaal van 122 415 (2007: 118 200) AWRe is toegeken teen 31 Maart 2008.

Hierdie aandele en AWRe is toegeken op dieselfde voorwaardes as dié toegeken aan ander werknemers van die groep.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
14. AANDELEKAPITAAL EN -PREMIE		
Gemagtig		
1 250 000 A- gewone aandele van R20 elk	25 000	25 000
500 000 000 N- gewone aandele van 2 sent elk	10 000	10 000
	35 000	35 000
Uitgereik		
712 131 A- gewone aandele van R20 elk (2007: 712 131)	14 243	14 243
403 309 411 N- gewone aandele van 2 sent elk (2007: 366 688 936)	8 066	7 334
	22 309	21 577
Aandelepremie	18 461 868	13 710 449
	18 484 177	13 732 026
<i>Min:</i> 32 751 381 N- gewone aandele gehou as tesourie-aandele (2007: 22 057 036 N- gewone aandele)	(3 127 690)	(947 642)
	15 356 487	12 784 384

Tesourie-aandele

Die groep hou 32 751 381 N- gewone aandele (2007: 22 057 036) of 8,1% van die bruto aantal aandele in uitreiking (2007: 6,0%) op 31 Maart 2008, as tesourie-aandele. Ekwiteitvergoedingskemas hou 28 042 110 van die N- gewone aandele (2007: 17 347 765) en die oorblywende 4 709 271 N- gewone aandele (2007: 4 709 271) word deur verskeie groepmaatskappye gehou.

Stem- en dividendregte

Die A- gewone aandeelhouders is geregtig op 1 000 stemme per aandeel en sal geregtig wees op nominale dividende soos periodiek deur die direksie bepaal, maar altyd beperk tot een vyfde van dit waarop die houer van 'n N- gewone aandeel geregtig is.

Die A- gewone aandeelhouders het nie 'n reg op dividende indien 'n dividend aan N- gewone aandeelhouders verklaar word nie, hoewel die direksie 'n dividend aan A- gewone aandeelhouders kan voorstel. Ten opsigte van alle ander regte is A- gewone aandele pari passu gelyk aan N- gewone aandele van die maatskappy.

Naspers Beleggings Beperk hou 350 000 A- gewone aandele (2007: 350 000) en Keeromstraat 30 Beleggings Beperk hou 219 344 A- gewone aandele (2007: 219 344) van die totale 712 131 A- gewone aandele soos uitgereik teen jaareinde. Hierdie maatskappye het beduidende invloed oor die groep as gevolg van die stemregte wat aan hierdie aandele gekoppel word. Die maatskappye word beheer deur sekere direkteure van Naspers. Wheatfields 221 (Eiendoms) Beperk beheer 133 350 (2007: 133 350) A- gewone aandele.

Onuitgereikte aandeelkapitaal

Die direkteure van die maatskappy het onbeperkte bevoegdheid om tot ná afloop van die volgende algemene jaarvergadering die onuitgereikte 537 869 A- gewone aandele en 96 690 589 N- gewone aandele van die maatskappy toe te wys of uit te reik, behoudens die bepalings van artikel 221 van die Maatskappywet, 1973, en die JSE se noteringsvereistes.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	2008 Aantal N-aandeel	2007 Aantal N-aandeel
14. AANDELEKAPITAAL EN –PREMIE (vervolg)		
Beweging in uitgereikte N- gewone aandeel gedurende die jaar		
Uitgereikte aandeel op 1 April	366 688 936	315 113 700
Aandeel uitgereik vir kontant	–	45 600 000
Aandeel uitgereik aan die Welkom Trust-aandeeskema	–	5 605 236
Aandeel uitgereik vir addisionele belang in M-Net en SuperSport verkry	21 601 667	–
Aandeel uitgereik aan aandeel-aansporingskemas	15 018 808	370 000
Uitgereikte aandeel op 31 Maart	403 309 411	366 688 936
Beweging in N- gewone aandeel gehou as tesourie-aandeel		
Aandeel gehou as tesourie-aandeel op 1 April	22 057 036	24 558 886
Aandeel uitgereik aan aandeel-aansporingskemas	15 018 808	370 000
Aandeel verkry deur addisionele belang in M-Net en SuperSport te verkry	179 391	–
Aandeel deur deelnemers van aandeel-aansporingskemas bekom	(4 503 854)	(2 871 850)
Aandeel gehou as tesourie-aandeel op 31 Maart	32 751 381	22 057 036
Netto aantal N- gewone aandeel uitgereik op 31 Maart	370 558 030	344 631 900
	31 Maart	31 Maart
	2008	2007
	R'000	R'000
Aandelepremie		
Saldo op 1 April	13 710 449	6 278 880
Aandelepremie met uitreiking van aandeel	4 752 305	7 657 226
Uitgawes met uitreiking van aandeel	(886)	(225 657)
Saldo op 31 Maart	18 461 868	13 710 449

Verwys na aantekening 39 vir aandeel-opsies in aandeel-aansporingskemas.

Kapitaalbestuur

Die groep se doelwitte met kapitaalbestuur is om die entiteit se vermoë te beskerm om as 'n lopende saak voort te gaan, sodat dit deurentyd genoeg opbrengste vir aandeelhouers en voordele vir ander belanghebbendes kan lewer deur die pryse van produkte en dienste in ooreenstemming met die risikovlak te bepaal.

Naspers maak staat op uitkerings van sy filiale, geassosieerde maatskappye, gesamentlike ondernemings en ander beleggings om die fondse te genereer wat nodig is om die verpligtinge en ander kontantvloei vereistes van die gekombineerde groep na te kom. Naspers se werksaamhede is in die verlate op verskeie maniere befonds. Die internet- en tegnologie-ontwikkelingsbedrywigheid is hoofsaaklik gefinansier deur kontant wat deur die betaaltelevisie-ondernemings gegeneer is, asook deur beperkte skuldfinansiering. Media24 het sy balansstaat en kontantskeppingsvermoë gebruik om, met behulp van skuldfinansiering, die opknapping van sy eiendom, aanlegte en toerusting asook sekere verkrygings te finansier.

Naspers se algemene sakebenadering is om ontwikkelende ondernemings te verkry en finansiering te verskaf om die kontantbehoefes van die onderneming te dek totdat dit – binne 'n redelike tydperk – selffinansierend word. Finansiering word deur 'n kombinasie van lenings en aandeelkapitaal verskaf, na gelang van die betrokke land se regulatoriese vereistes. Uit die oogpunt van filiale word intergroep-leningsfinansiering oor die algemeen as deel van die kapitaalstruktuur beskou. Die fokus op groter winsgewendheid en kontantskepping sal in die afsienbare toekoms behou word, hoewel Naspers steeds potensiële groeigeleenthede binne sy kundighedsgebiede aktief sal evalueer. Naspers sal ook sy werksaamhede in die toekoms uitbrei deur ekwiteitsbeleggings in groeimaatskappye aan te gaan. Naspers voorsien dat hy toekomstige verkrygings en beleggings moontlik deur uitgifte van aandeel of skuld en beskikbare kontantbronne sal befonds.

Die groep bepaal die kapitaalbedrag in verhouding tot risiko. Die groep bestuur die kapitaalstruktuur en pas dit aan na gelang van veranderings in ekonomiese toestande en die risikokenmerke van die onderliggende bates. Om die kapitaalstruktuur te handhaaf of aan te pas, kan die groep die dividendbedrag wysig wat aan aandeelhouers betaal word, kapitaal aan aandeelhouers terugbetaal, nuwe aandeel uitreik of bates verkoop om skuld te verminder.

Gedurende die jaar tot 31 Maart 2008 het die groep R11,3 miljard deur 'n buitelandse gesindikeerde lening verkry om die koop van Tradus plc. gedeeltelik te befonds. Die skuldfasiliteit word deur MIH B.V. gehou en dit is in Amerikaanse dollar en euro omtrek.

Gedurende die jaar tot 31 Maart 2007 het die groep 45,6 miljoen nuwe Naspers N- gewone aandeel in die mark beskikbaar gestel en 'n netto bedrag van R7,2 miljard verkry. Hierdie kapitaal is gedurende die huidige finansiële jaar gebruik om beleggings te befonds wat die groep as deel van sy internasionale strategie aangegaan het.

14. AANDELEKAPITAAL EN –PREMIE (vervolg)

Op 31 Maart 2008 het Naspers se totale skuld (insluitend bruikhuurkontrakte en program- en rolprentuitsaairegte) R13,1 miljard (2007: R3,6 miljard) bedra, en totale kontant R7,3 miljard (2007: R11,5 miljard). Die netto skuld-ekwiteitsverhouding was 18% (2007: negatief 37%) op 31 Maart 2008. Die groep sluit nie die bruikhuurkontrakte van satelliet-transpondeerders en program- en rolprentuitsaairegte by totale skuld in wanneer kapitaal geëvalueer en bestuur word nie. Hierdie items word as bedryfsuitgawes beskou. Die aangesuiwerde totale skuld (satelliet-transpondeerder-bruikhuurkontrakte en program- en rolprentuitsaairegte uitgesluit) was R11,0 miljard (2007: R1,2 miljard) en die aangesuiwerde netto skuld-ekwiteitsverhouding was 11% (2007: negatief 49%). Die groep het nie 'n formele teiken ten opsigte van sy skuld-ekwiteitsverhouding nie. Die Media24- en die MH-groep het spesifieke finansiële ooreenkomste met verskillende finansiële instellings om die skuld van hierdie groepe te bestuur. Suid-Afrikaanse valutabeheerregulasies word deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank, deur middel van sy Finansiële Waarnemingsafdeling, geadminestreer. Hierdie regulasies maak voorsiening vir 'n gemeenskaplike monetêre gebied wat bestaan uit die Republiek van Suid-Afrika, die Koninkryk van Lesotho, die Koninkryk van Swaziland en die Republiek van Namibië, en beperk die uitvoer van kapitaal uit die gemeenskaplike monetêre gebied. Goedkeuring word vir enige verkrygings buite die gemeenskaplike monetêre gebied vereis indien die transaksie vanuit die gemeenskaplike monetêre gebied befonds word.

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
15. ANDER RESERWES		
Ander reserwes op die balansstaat bestaan uit:		
Billikewaarde-reserwe	1 848 898	173
Verskansingsreserwe	188 662	3 236
Buitelandsevaluta-omrekeningsreserwe	4 720 777	1 207 880
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	34 497	345 220
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	481 573	337 608
	7 274 407	1 894 117

Verwys na aantekening 27 vir die hoeveelheid reserwes van die eindigende bedrywighede wat by die groep se reserwes soos hierbo aangebied word, ingesluit is.

Die billikewaarde-reserwe hou verband met ongerealiseerde winste en verliese wat ontstaan uit veranderinge in die billike waarde van beleggings wat geklassifiseer word as beskikbaar vir verkoop. Die verskil tussen die billike waarde en boekwaarde van aandeel uitgereik in besigheidsamevoegings, sowel as die billikewaarde-aanpassings gemaak aan ontasbare bates met opeenvolgende verkrygings, word in hierdie reserwe ingesluit. Gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2008 is aandeel uitgereik om 'n adisionele belang in M-Net en SuperSport te verkry. Die verskil tussen die billike waarde en boekwaarde van die aandeel wat uitgereik is, het R1,3 miljard beloop, en is aan hierdie reserwe toegewys. Die herwaardasie van ontasbare bates wat teweeggebring is deur waardasieverskille met hierdie besigheidsamevoeging, het R780 miljoen beloop en is ook aan hierdie reserwe toegewys.

Die verskansingsreserwe hou verband met veranderinge in die billike waarde van afgeleide finansiële instrumente wat verwagte transaksies of die buitelandsevaluta-gedeelte van vaste verbintenisse verskans. Die veranderinge in die billike waarde word in die verskansingsreserwe erken totdat die verwagte transaksie of vaste verbintenis aanleiding gee tot die erkenning van 'n bate of las, wanneer die uitgestelde winste en verliese dan ingesluit word in die aanvanklike meting van die bate of las.

Die buitelandsevaluta-omrekeningsreserwe hou verband met wisselkoersverskille wat ontstaan met die omrekening van buitelandse filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde se inkomstestate teen gemiddelde wisselkoerse vir die jaar, en hul balansstate wat teen die heersende wisselkoerse op die balansstaatdatum omgeskakel word, indien die funksionele geldeenheede verskil.

Die bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe word gebruik om transaksies met minderheidsaandelhouders te verantwoord kragtens die ekonomiese-entiteitsmodel. Die gedeelte waarmee die koste van die transaksie die verkryger se belang in voorheen erkende bates en laste oorskry, word na hierdie reserwe toegewys. Hierdie reserwe word ook gebruik in gemeenskaplike-beheer-transaksies (besigheidsamevoegings waar al die gekombineerde entiteite deur dieselfde entiteit beheer word) waar die oorskot van die totale koste bo die verkryger se proporsionele deel van die netto bates, aan hierdie reserwe toegewys word.

Die billike waarde van aandeel-opsies aan werknemers uitgereik word te boek gestel in die aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe oor die vestigingstydperk. Die reserwe word met elke jaareinde aangepas wanneer die entiteit sy beramings rakende die uitoefenbare aantal aandeel-opsies verander. Die impak van hierdie aanpassing, indien enige, word in die inkomstestate erken met 'n ooreenstemmende aanpassing in hierdie reserwe vir aandeelgebaseerde vereffening.

16. BEHOUE VERDIENSTE

Enige toekomstige dividende verklaar uit die verdeelbare reserwes van die maatskappy of sy filiale, wat nie volfiliale is nie, en ingelyf is in die Republiek van Suid-Afrika, kan onderworpe wees aan sekondêre belasting op maatskappye ("SBM") teen 'n koers van 10% op die dividende verklaar. Dividende ontvang deur groepmaatskappye tydens hul verskeie dividendensiklusse kan oorgedra word as onbenutte SBM-krediete. Hierdie SBM-krediete kan dan gebruik word om enige SBM wat betaalbaar is op toekomstige dividende deur die groepmaatskappye verklaar, te verminder. Die groep se totale onbenutte SBM-krediete op 31 Maart 2008 het R4,0 miljard (2007: R4,6 miljard) beloop. Die groep het 'n waardasie-aanpassing van R320,2 miljoen teenoor die uitgestelbelasting-bates gemaak ten opsigte van die onbenutte SBM-krediete op 31 Maart 2008 (2007: R476,2 miljoen), weens onsekerhede oor die benutting van die krediete. Die waardasie-aanpassing is gegrond op die verskil tussen die totale onbenutte SBM-krediete beskikbaar vir die groep, en die geskatte SBM-verpligting met die volgende jaarlikse dividendensiklus.

Die direksie het aanbeveel dat 'n dividend van 180 sent (2007: 156 sent) per N- gewone aandeel en 36 sent (2007: 31 sent) per A- gewone aandeel aan aandeelhouders betaal word op 8 September 2008. Die maatskappy sal, indien goedgekeur deur aandeelhouders by die algemene jaarvergadering, 'n totale dividend van R726,2 miljoen betaal gegrond op die aantal uitgereikte aandele op 31 Maart 2008. Die maatskappy het genoeg SBM-krediete om so 'n dividend te dek. Die benutting van hierdie SBM-krediete sal egter aanleiding gee tot die realisering van 'n uitgestelbelasting-bate van R72,6 miljoen, wat as 'n uitgawe in die inkomstestaat tydens die 2009 finansiële jaar erken sal word.

17. NÁ-AFTREDE-VERPLIGTINGE

17.1 Mediese verpligting

Die groep bedryf 'n aantal ná-aftrede- mediese bystandskemas. Die verpligting van die groep om mediesefonds-bydraes ná aftrede te betaal, is nie meer deel van die indiensnemingsvoorwaardes vir nuwe werknemers nie. 'n Aantal pensioenarisse en huidige werknemers is egter nog geregtig op die voordeel. Huidige werknemers moet in diens bly tot en met aftrede en 'n minimum dienстыdperk hê om vir die voordeel te kwalifiseer. Die groep voorsien vir ná-aftrede- mediese voordele op die toevallingsgrondslag, wat jaarliks deur middel van 'n waardasie bepaal word. Die sleutelaannames en waardasiemetode word hieronder beskryf. Die direksie is van mening dat voldoende voorsiening gemaak is vir toekomstige verpligtinge. Media24 Beperk en Via Afrika Beperk het gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2004 ooreenkomste met sekere werknemers aangegaan om hul toekomstige deelname aan die ná-aftrede- mediese bystandskemas te beëindig in ruil vir sekere toekomstige bydraes tot uitkeerpolis vir hierdie werknemers. Die waarde van die uitkeerpolis op 31 Maart 2008 het R45,5 miljoen (2007: R34,8 miljoen) bedra en is ingesluit onder "Lenings en debiteure". Op 31 Maart 2008 het die groep 'n verpligting van R34,3 miljoen (2007: R41,2 miljoen) gehad met betrekking tot hierdie toekomstige bydraes.

Sleutelaannames en waardasiemetode

Die aktuariëlewaardasie-metode wat gebruik word om die verpligtinge te waardeer, is die metode vir geproekteerde kredieteenhede soos voorgeskryf deur IAS 19. Toekomstige voordele word gewaardeer deur spesifieke aktuariële aannames te gebruik en die verpligting vir lede wat nog werksaam is, word opgeloo oor die verwagte tydperk wat hulle in diens is. Die belangrikste aktuariële aannames wat vir huidige en vorige waardasies gebruik is, word hieronder uiteengesit:

Datum van waardasie	31 Maart 2008	31 Maart 2007
Verdiskonteringskoers	8,50% pj	7,75% pj
Mediesekoste-inflasie	7,50% pj	7,25% pj
Verwagte aftree-ouderdom	60	60
Beëindiging van lidmaatskap met aftrede	0%	0%

Ons aanname is dat huidige indiens-lede met aftrede sal voortgaan met hul huidige mediese voordeelskema-opsie, en dat daar geen verandering sal wees in die huidige opsies met aftrede nie.

Die verskil tussen die verdiskonteringskoers en die inflasie-aanname is belangriker as hul absolute waardes.

Aktuariële aanname is oor die algemeen meer geskik om die toekomstige resultate van groter groepe individue te voorspel. Die algemene ondervinding met groter groepe is dat daar minder variasie is en die waarskynlikheid is groter dat hulle sal neig na die verwagte resultaat van die onderliggende statistiese verspreiding. Hoe kleiner die groep, hoe minder waarskynlik dat die werklike toekomstige resultate na aan die verwagtinge sal wees. Let op dat selfs indien die aanname op die groep as geheel van toepassing is, hulle nog steeds nie van toepassing hoef te wees op 'n individuele vlak nie.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
17. NÁ-AFTREDE-VERPLIGTINGE (vervolg)		
17.1 Mediese verpligting (vervolg)		
Ná-aftrede mediese verpligting		
Openingsaldo	195 275	161 629
Bykomende voorsienings in die inkomstestaat erken	919	13 403
Voorsienings teruggeskryf in die inkomstestaat	(7 392)	(630)
Voorsienings teen ander rekeninge erken	(2 830)	24 441
Voorsienings benut	(3 821)	(3 554)
Vervreemding van filiale	(5 966)	–
Valuta-omrekeningsverskille	–	(14)
	176 185	195 275
<i>Min: Korttermyngedeelte</i>	(34 397)	(304)
Sluitingsaldo	141 788	194 971

Bostaande sluitingsaldo van die ná-aftrede mediese verpligting sluit die Media24 Beperk-planverpligting van R141,7 miljoen (2007: R149,6 miljoen) in, asook en die R34,4 miljoen (2007: R41,2 miljoen)-verpligting in verband met die ooreenkomstige wat gesluit is met sekere werknemers van Media24 Beperk en Via Afrika Beperk. Verdere openbaarmaking van die Media24 Beperk-planverpligting word hieronder aangetoon.

	31 Maart				
	2008 R'000	2007 R'000	2006 R'000	2005 R'000	2004 R'000
Tendens-inligting					
Huidige waarde van verpligtinge	141 720	149 570	139 411	121 227	124 149
Ervaringsaanpassings:					
Aangaande huidige waarde van verpligtinge – aktuariële wins/(verlies)	3 963	5 547	(3 808)	10 039	(24)

Aangesien die waarde van die verpligting gegrond is op 'n aantal aannames, word 'n sensitiviteitsanalise hieronder voorberei om die effek van 'n een-persentasiepunt toe- of afname in mediese-koste-inflasie te weerspieël:

Mediese-koste-inflasie	Aanname		
	7,5%	(1%)	+1%
Opgeloopte verpligting 31 Maart 2008 (R'000)	141 720	123 537	164 279
%-verandering	–	(12,8%)	+15,9%
Huidige dienskosse + rentekoste 2008/9 (R'000)	13 208	11 328	15 579
%-verandering	–	(14,2%)	+17,9%

17.2 Pensioen- en voorsorgvoordele

Die groep voorsien aftreevoordele vir sy heelytse werknemers deur middel van verskeie onafhanklike omskrewbydrae-pensioen- en -voorsorgfondse. Alle heelytse werknemers het toegang tot die fondse. Bydraes tot die fondse geskied volgens 'n vaste skaal. Die Suid-Afrikaanse aftreefondse van die groep is onderworpe aan die Wet op Pensioenfondse van Suid-Afrika. Byna al die heelytse personeel van die groep is lede van óf 'n groeppartefonds óf 'n derdeparty-fonds.

'n Bedrag van R232,3 miljoen (2007: R180,9 miljoen) is as 'n uitgawe erken met betrekking tot die groep se aftreefondse.

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

				31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
18. LANGTERMYNVERPLIGTINGE					
Rentedraende gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge				1 112 473	1 447 638
Totale verpligtinge				1 438 837	1 811 364
<i>Min: Korttermyngedeelte</i>				(326 364)	(363 726)
Ander rentedraende lenings				10 628 803	748 324
Totale verpligtinge				10 897 461	990 794
<i>Min: Korttermyngedeelte</i>				(268 658)	(242 470)
Nie-rentedraende program- en rolprentregte				–	170 457
Totale verpligtinge				706 306	785 688
<i>Min: Korttermyngedeelte</i>				(706 306)	(615 231)
Ander nie-rentedraende lenings				58 994	19 475
Totale verpligtinge				71 424	51 361
<i>Min: Korttermyngedeelte</i>				(12 430)	(31 886)
Netto langtermynverpligtinge				11 800 270	2 385 894
Rentedraende gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge					
Soort lening	Geldeen- heid van saldo's op jaareinde	Jaar van aflossing	Geweegde gemiddelde rentekoers op jaareinde	31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
Geboue	ZAR	2008	10,5%	–	127 731
	ZAR	2010	14,0%	9 092	12 075
	ZAR	2012	17,0%	48 421	51 345
				57 513	191 151
Produksietoerusting	ZAR	2010	10,9%	380	4 691
Transmissietoerusting en satelliete	EUR	Verskeie	9,1%	343 462	306 716
	EUR	2008	9,6%	–	262 357
	VSD	2008	6,5%	–	53 685
	VSD	2011	8,0%	648 957	594 796
	EUR	2011	4,4%	94 252	97 599
	EUR	2013	3,5%	74 178	66 706
	VSD	2013	4,1%	213 940	226 411
				1 374 789	1 608 270
Voertuie, rekenaars en kantoortoerusting	ZAR	Verskeie	Verskeie	6 155	7 252
Totale gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge				1 438 837	1 811 364

■ AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (vervolg)

					31 Maart 2008 R'000	31 Maart 2007 R'000
